5. Een van die lede van die raad wat in paragraaf (*c*) van subartikel (1) van artikel 3 genoem is, word benoem deur die Gefedereerde Kamer van Nywerhede, Geïnkorporeer, om verpakkers van rooibostee wat gedurende die 12 maande onmiddellik voorafgaande die nominasie minstens 200,000 lb. rooibostee verpak het, te verteenwoordig, en die ander lid word deur die genoemde organisasie benoem om verpakkkers van rooibostee wat gedurende die vermelde tydperk minder as 200,000 lb. rooibostee verpak het, te verteenwoordig.

KENNISGEWING OM LEDE TE BENOEM.

6. Wanneer 'n benoeming kragtens paragraaf (*a*), (*b*) of (*c*) van subartikel (1) van artikel 3 nodig word, moet die Minister die betrokke verenigings, maatskappye of organisasies by skriftelike kennisgewing aansê of laat aansê om binne 'n tydperk in die kennisgewing vasgestel, die persoon of persone te benoem wat hulle ooreenkomstig die betrokke artikel geregtig is om vir die aanstelling in die raad te benoem.

MINISTER KAN BENOEM AS GEEN GESKIKTE PERSOON BENOEM IS NIE.

7. (1) Indien iemand wat soos vermeld benoem is, volgens die oordeel van die Minister, nie geskik is om as lid van die raad aangestel te word nie, of onbevoeg is om lid van die raad te wees, kan die Minister daardie benoeming terugverwys na die betrokke vereniging, maatskappy of organisasie en daardie vereniging, maatskappy of organisasie aansê om iemand anders vir aanstelling in die raad te benoem en indien daardie vereniging, maatskappy of organisasie weer iemand benoem wat volgens die Minister se oordeel ongeskkik of onbevoeg is, soos vermeld, of wanneer die vereniging, maatskappy of organisasie in gebreke bly om iemand te benoem, kan die Minister self, met inagneming van die bepalings van die skema, iemand benoem wat hy geskik ag om lid van die raad te wees om die betrokke belange te verteenwoordig.

(2) Indien 'n vereniging, maatskappy of organisasie soos vermeld in paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel 3 of in artikel 4 of 5, nie bestaan nie, kan die Minister self 'n persoon of persone benoem vir aanstelling in die raad om die betrokke belange te verteenwoordig.

AMPSDUUR VAN RAADSLEDE.

8. (1) Die lede van die raad word, onderworpe aan die bepalings van subartikel (2), vir 'n tydperk van twee jaar aangestel: Met dien verstande dat die lid bedoel in paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel 3 sy amp beklee solank dit die Goewerneur-generaal behaag.

(2) Na verloop van een jaar vanaf die eerste aanstelling van die lede van die raad tree twee van die lede aangestel ooreenkomstig paragraaf (*a*) en twee van die lede aangestel ooreenkomstig paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel 3 af, en die vakatures wat aldus ontstaan, word gevul.

(3) Wie van die lede van die raad aftree ingevolge subartikel (2) van hierdie artikel, word deur die lot beslis.

(4) By verstryking van die tydperk waarvoor lede aangestel is, bly hulle hul amp beklee totdat hul opvolgers aangestel is, maar in geen geval vir 'n verdere tydperk van meer as drie maande nie.

(5) Aftredende lede kan weer aangestel word.

(6) Wanneer die setel van 'n lid van die raad om een of ander rede vakant word voor verstryking van die tydperk waarvoor hy aangestel is, kan die Minister iemand anders wat hy geskik ag, aanstel om die vakature te vul totdat die tydperk waarvoor die uittredende lid aangestel is, verstryk het.

(7) Wanneer die Minister bevind dat 'n lid van die raad weens siekte, afwesigheid of ander rede verhinder word om sy ampswerksaamhede te verrig, kan die Minister iemand anders wat hy geskik ag, aanstel om op te tree as plaasvervanger van daardie lid solank hy aldus verhinder word.

(*o*) to advise the Minister as to—

(i) the conditions regarding grades, standards of quality, methods of packing and the marking of rooibos tea or receptacle or cover containing it subject to which rooibos tea may be sold;

(ii) the prohibition, control or regulation of the export of rooibos tea; and

(iii) all matters relating to the marketing or processing of rooibos tea.

LEVY ON ROOIBOS TEA AND ESTABLISHMENT OF ROOIBOS TEA LEVY FUND.

16. (1) The board may, with the approval of the Minister and on such basis as the board may determine, impose a levy on rooibos tea: Provided that the levy thus imposed—

(*a*) may, in respect of any particular class, grade or standard of quality of rooibos tea differ from any such levy in respect of any other class, grade or standard of quality of rooibos tea; and

(*b*) shall not exceed one half-penny per lb. on any class, grade or standard of quality of rooibos tea.

(2) Any levy imposed in terms of sub-section (1) shall—

(*a*) in the case of rooibos tea which is sold to or through the board, be added to and made payable at the same time as the price at which the board disposes of the rooibos tea to any person, or be deducted from the price payable by the board to the producer of the rooibos tea when payment is made; and

(*b*) in the case of rooibos tea which is sold by the producer thereof direct to a person who deals with it in the course of trade, be paid by the person who deals with it in the course of trade, at such time and in such manner as may be prescribed by regulation under the Act.

(3) The board shall establish a fund to be known as the Rooibos Tea Levy Fund which shall be administered and controlled by the board and into which shall be paid all moneys derived from any levies imposed under sub-section (1) and all other moneys received by the board, and from which all payments by the board shall be made.

SPECIAL LEVY ON ROOIBOS TEA AND ESTABLISHMENT OF SPECIAL FUND.

17. (1) The board may with the approval of the Minister and on such basis as the board may determine, impose a special levy on rooibos tea.

(2) For the purposes of the special levy the provisions of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section 16 and the provisions of sub-section (2) of section 16 shall *mutatis mutandis* apply.

(3) The board shall establish a special fund and shall pay into this fund the proceeds of any special levy imposed under sub-section (1) and such other amounts at the board's disposal as may be approved by the Minister and the board may deal with any moneys in this fund in such manner as may be approved by the Minister.

ESTABLISHMENT OF RESERVE FUND.

18. The board shall establish a Rooibos Tea Reserve Fund into which shall be paid such amounts at the disposal of the board as may from time to time be approved by the Minister or as may after consultation with the board be determined by him after the end of any financial year under the scheme and the board may deal with any moneys in this fund in such manner as may be approved by the Minister.

SPECIAL REGULATIONS RELATING TO THE MARKETING OF ROOIBOS TEA.

19. With the approval of the Minister the board may prohibit producers of rooibos tea from selling rooibos tea or any class or grade thereof which the board may from time to time determine, except to or through the board, or such persons as may be determined by the board.

(*o*) die Minister van advies te dien aangaande—

(i) die voorwaardes wat betref grade, kwaliteitstandaarde, verpakkingsmetodes en die merk van rooibostee of 'n houer of omhulsel wat dit bevat, waarop rooibostee verkoop mag word;

(ii) verbod op, beheer oor of reëling van die uitvoer van rooibostee; en

(iii) alle aangeleenthede betreffende die bemarking of verwerking van rooibostee.

HEFFING OP ROOIBOSTEE EN INSTELLING VAN ROOIBOSTEE-HEFFINGSFONDS.

16. (1) Die raad kan, met die goedkeuring van die Minister en op so 'n basis as wat die raad mag bepaal, 'n heffing op rooibostee oplê: Met dien verstande dat die aldus opgelegde heffing—

(*a*) ten opsigte van 'n besondere klas, graad of kwaliteitstandaard van rooibostee kan verskil van so 'n heffing ten opsigte van 'n ander klas, graad of kwaliteitstandaard van rooibostee; en

(*b*) nie een halfpennie per lb. op enige klas, graad of kwaliteitstandaard van rooibostee oorskry nie.

(2) 'n Heffing opgelê kragtens subartikel (1) word—

(*a*) in die geval van rooibostee wat aan of deur die raad verkoop word, bygevoeg by en op dieselfde tydstip betaalbaar gemaak as die prys waarteen die raad rooibostee aan enige persoon van die hand sit, of afgetrek van die prys deur die raad betaalbaar aan die produsent van die rooibostee wanneer betaling gemaak word; en

(*b*) in die geval van rooibostee wat deur die produsent daarvan direk aan n' persoon wat daarmee as 'n besigheid handel, verkoop is, deur die persoon wat daarmee as 'n besigheid handel, betaal, op die tyd en wyse soos voorgeskryf mag word by regulasie onder die Wet.

(3) Die raad stel 'n fonds in wat bekend staan as die Rooibosteeheffingsfonds wat deur die raad bestuur en beheer word en waarin alle gelde verkry uit die heffings opgelê volgens subartikel (1) en alle ander gelde deur die raad ontvang, gestort word en waaruit alle uitbetalings deur die raad geskied.

SPESIALE HEFFING OP ROOIBOSTEE EN INSTELLING VAN SPESIALE FONDS.

17. (1) Die raad kan met die Minister se goedkeuring en op sodanige basis as wat die raad mag bepaal, 'n spesiale heffing op rooibostee oplê.

(2) Vir die doeleindes van die spesiale heffing is die bepalings van paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel 16 en die bepalings van subartikel (2) van artikel 16 *mutatis mutandis* van toepassing.

(3) Die raad stel 'n spesiale fonds in en stort in hierdie fonds die opbrengs van enige spesiale heffing opgelê kragtens subartikel (1), en sodanige ander bedrae tot beskikking van die raad as wat deur die Minister goedgekeur mag word en die raad mag oor gelde in hierdie fonds beskik op sodanige wyse as wat die Minister mag goedkeur.

INSTELLING VAN RESERWEFONDS.

18. Die raad stel 'n Rooibosteereserwefonds in waarin die bedrae tot die beskikking van die raad gestort moet word wat die Minister van tyd tot tyd goedkeur, of wat hy na afloop van 'n boekjaar onder die skema en na oorlegpleging met die raad bepaal, en die raad mag oor gelde in hierdie fonds beskik op die wyse wat die Minister mag goedkeur.

SPESIALE REGULASIES BETREFFENDE DIE BEMARKING VAN ROOIBOSTEE.

19. Met die goedkeuring van die Minister kan die raad produsente van rooibostee belet om rooibostee of 'n klas of graad daarvan wat die raad van tyd tot tyd bepaal, te verkoop behalwe aan of deur die raad of die persone wat deur die raad bepaal word.

POOLING OF PROCEEDS.

20. (1) Whenever the board has imposed any prohibition under section 19, it shall conduct pools for the sale of such rooibos tea in accordance with the provisions of this section.

(2) The board shall conduct a separate pool in respect of each class of rooibos tea and each quantity of rooibos tea delivered to the board or its agents for sale shall be assigned to the grade of each class to which such quantity of rooibos tea is found by the board to belong at the time of delivery for sale: Provided that the board may, whenever it deems it expedient and with the approval of the Minister, conduct a pool in respect of a group of classes of rooibos tea.

(3) The board may regrade any quantity of rooibos tea thus delivered and assigned or may deal with it in such manner as it may deem fit and may sell it subject to such conditions as the board may, with the approval of the Minister determine, and according to grades which differ from the grades to which it was assigned by the board at the time of delivery for sale.

(4) As soon as may be after all the rooibos tea accepted by the board, during such a period as the board may with the approval of the Minister determine, for the account of a pool has been sold, the board shall determine in respect of such rooibos tea of each class and grade the net amount realised from the sale of such rooibos tea, by deducting from the gross amount so realised the costs incidental to the sale of such rooibos tea, which shall include all expenses and costs directly incurred in connection with the receipt, handling, financing ad sale of such rooibos tea and the costs of the conduct of the pool as determined by the board from time to time.

(5) The board shall distribute the net proceeds of each grade of rooibos tea in each pool, as determined in terms of sub-section (4), to producers who contributed during the said period to that grade in that pool, in proportion to the respective quantities of rooibos tea delivered by each producer and accepted by the board for the account of that grade in that pool.

(6) The amount payable to a producer in terms of sub-section (5) shall be reduced by the amount of any advances paid under sub-section (7) to that producer, and by the amount representing the levy, if any, payable under section 16 and the special levy, if any, payable under section 17 on the rooibos tea so delivered by that producer.

(7) The board may, with the approval of the Minister, from time to time and at any time before the net proceeds of the sale of rooibos tea delivered to the board during the period referred to in sub-section (4) and accepted by the board for the account of a pool, have been distributed as provided in this section, make advances to producers who have so delivered such rooibos tea, in proportion to the respective quantities of such rooibos tea of each grade so delivered by them: Provided that any such advances in respect of any class or grade of rooibos tea shall in the aggregate not exceed 60 per cent of the expected net proceeds of that class or grade of rooibos tea.

(8) Notwithstanding anything to the contrary contained in this section, the board may, when it has sold rooibos tea for the account of a pool mentioned in sub-section (2)—

(*a*) reduce the amount to be distributed from such a pool by an amount determined by the board with the approval of the Minister; and

(*b*) increase the amount to be distributed from any other pool mentioned in that sub-section with an amount determined in the same manner.

(9) For the purposes of this section—

"delivered" shall mean delivered at the business premises or stores of the board or the persons determined by the board;

"grade" shall mean the grade of rooibos tea as determined in the manner prescribed by regulations under section *forty-three* of the Act.

VERSPOELING VAN OPBRENGS.

20. (1) Wanneer die raad ingevolge artikel 19 'n verbod opgelê het, bestuur hy poele ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel vir die verkoop van sodanige rooibostee.

(2) Die raad bestuur 'n aparte poel ten opsigte van elke klas rooibostee, en elke hoeveelheid rooibostee wat aan die raad of sy agente vir verkoop afgelewer word, word toegewys aan die graad van elke klas waartoe sodanige hoeveelheid rooibostee deur die raad ten tyde van aflewering vir verkoop gevind word te behoort: Met dien verstande dat die raad, wanneer hy dit goedvind en met die goedkeuring van die Minister, 'n poel kan bestuur ten opsigte van 'n groep klasse rooibostee.

(3) Die raad kan enige hoeveelheid rooibostee wat aldus afgelewer en toegewys is, hergradeer of daarmee handel soos hy goedvind en kan dit verkoop volgens sulke voorwaardes as wat die raad met die goedkeuring van die Minister mag bepaal en volgens grade wat verskil van die grade waartoe dit toegewys is deur die raad ten tyde van die aflewering daarvan vir verkoop.

(4) So gou doenlik na dat al die rooibostee wat die raad gedurende sodanige tydperk as wat die raad met die goedkeuring van die Minister mag bepaal, vir rekening van 'n poel aangeneem het, verkoop is, bepaal die raad ten opsigte van daardie rooibostee van iedere klas en graad die netto bedrag verkry uit die verkoop van daardie rooibostee, deur van die bruto bedrag aldus verkry af te trek die koste verbonde aan die verkoop van daardie rooibostee, waarby ingesluit word alle uitgawes en kostes regstreeks in verband met die ontvangs, hantering, finansiering en verkoop van daardie rooibostee beloop en die koste van bestuur van die poel soos deur die raad van tyd tot tyd bepaal.

(5) Die raad verdeel die netto opbrengs van elke graad rooibostee in elke poel, soos bepaal ooreenkomstig subartikel (4), onder produsente wat gedurende genoemde tydperk tot daardie graad in daardie poel bygedra het, in verhouding tot die onderskeie hoeveelhede rooibostee wat elke produsent gelewer het en wat die raad vir rekening van daardie graad in daardie poel aangeneem het.

(6) Die bedrag wat aan 'n produsent volgens subartikel (5) betaalbaar is, word verminder met die bedrag van enige voorskotte volgens subartikel (7) aan daardie produsent betaal, en met die bedrag wat die eventuele heffing ingevolge artikel 16 en die eventuele spesiale heffing ingevolge artikel 17 onderskeidelik verskuldig op die rooibostee aldus deur daardie produsent gelewer, verteenwoordig.

(7) Die raad kan, met die goedkeuring van die Minister, van tyd tot tyd en te enigertyd voordat die netto opbrengs uit die verkoop van rooibostee aan die raad gelewer gedurende die tydperk genoem in subartikel (4) en deur die raad vir die rekening van 'n poel aangeneem. verdeel is soos in hierdie artikel bepaal, aan produsente wat sodanige rooibostee aldus afgelewer het, geld voorskiet in verhouding tot die onderskeie hoeveelhede van sodanige rooibostee van elke graad aldus deur hulle afgelewer: Met dien verstande dat enige sodanige voorskotte ten opsigte van enige klas of graad rooibostee in die geheel nie 60 persent van die verwagte netto opbrengs van daardie klas of graad rooibostee oorskry nie.

(8) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie artikel, kan die raad wanneer hy rooibostee verkoop het vir die rekening van 'n poel in subartikel (2) genoem—

(*a*) die bedrag wat uit sodanige poel verdeel moet word, verminder met 'n bedrag wat hy met die Minister se goedkeuring bepaal; en

(*b*) die bedrag wat uit enige ander poel genoem in daardie subartikel verdeel moet word, vermeerder met 'n bedrag wat op dieselfde wyse bepaal is.

(9) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken—

„afgelewer", gelewer by die besigheidspersele of pakhuise van die raad of die persone deur die raad bepaal;

„graad", die graad rooibostee wat bepaal is op die wyse wat by regulasie kragtens artikel *drie-en-veertig* van die Wet voorgeskryf is.

REGISTRATION OF PRODUCERS OF ROOIBOS TEA.

21. No producer of rooibos tea may sell rooibos tea produced by him in any of the Magisterial Districts of Clanwilliam, Calvinia, Piquetberg and Vanrhynsdorp unless he has been registered with the board.

DIFFERENTIATION BETWEEN AREAS.

22. Any requirement or prohibition imposed or decision taken by the board which relates to any portion of the Union may differ from any such requirement or prohibition or decision which relates to any other portion of the Union or may apply only to specified portions of the Union.

INSPECTION POWERS.

23. The board shall have power, for the purpose of the enforcement of the provisions of the scheme, to empower any person generally or in any particular case at all reasonable hours—

(*a*) to enter any place occupied by any person who is, or is suspected to be, a producer of rooibos tea or person dealing in the course of trade with rooibos tea, or any place or vehicle in or upon which there is kept, or is suspected to be kept, any quantity of rooibos tea by any person for any purpose other than consumption by the owner of such rooibos tea or by the members of his household;

(*b*) to inspect any such rooibos tea and to examine all books and documents at any such place or in or upon any such vehicle which are believed, upon reasonable grounds, to relate to such rooibos tea and make copies of or take extracts from such books and documents;

(*c*) to demand from the owner or custodian of such rooibos tea any information concerning such rooibos tea;

(*d*) to demand from the owner or custodian of any such book or document an explanation of any entry therein;

(*e*) to seize any books, documents or articles which may afford evidence of the commission of an offence under the Act or this scheme or any regulation made under the Act, or any quantity of rooibos tea in respect of which any such offence is suspected to have been committed, and to remove from the place or vehicle in question or to leave at such place or on such vehicle any books, documents or articles or any quantity of rooibos tea which has been so seized, and if he deem fit to place on any such book, document, article or on the container of such quantity of rooibbos tea any identification mark which he may consider necessary;

(*f*) to take samples of any such rooibos tea, including any quantity of such rooibos tea which has been seized in terms of sub-paragraph (*e*), and to examine, analyse or grade such samples or cause them to be examined, analysed or graded.

OFFENCES AND PENALTIES.

24. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this scheme or any prohibition, requirement or order issued thereunder, shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding one hunderd pounds or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and imprisonment.

LIQUIDATION OF SCHEME.

25. In the event of the discontinuance of this scheme all assets of the board shall be realised and if, after all the debts of the board have been paid, there is—

(*a*) a surplus, the amount thereof shall be distributed amongst the persons liable for the payment of any levy imposed under section 16, in proportion to the respective amounts contributed by them towards the funds of the board by means of levy during the period of three years immediately preceding the date of discontinuance of the scheme or during the period the scheme was in operation, whichever is the shorter period;

REGISTRASIE VAN PRODUSENTE VAN ROOIBOSTEE.

21. Geen produsent van rooibostee mag rooibostee wat deur hom in enige van die magistraatsdistrikte van Clanwilliam, Calvinia, Piketberg en Vanrhynsdorp geproduseer is, verkoop nie, tensy hy by die raad geregistreer is.

ONDERSKEIDING TUSSEN GEBIEDE.

22. 'n Voorskrif van of verbod opgelê of besluit geneem deur die raad met betrekking tot 'n gedeelte van die Unie kan verskil van so 'n voorskrif of verbod of besluit met betrekking tot 'n ander gedeelte van die Unie of kan alleen in aangegewe gedeeltes van die Unie van toepassing wees.

INSPEKSIEBEVOEGDHEDE.

23. Die raad is bevoeg om vir die uitvoering van die bepalings van die skema enigiemand algemeen of in 'n besondere geval te magtig om op alle redelike tye—

(*a*) 'n plek te betree wat geokkupeer word deur 'n persoon wat 'n produsent is of vermoed word 'n produsent te wees van, of 'n persoon wat as 'n besigheid handel of vermoed word as 'n besigheid te handel met, rooibostee, of 'n plek of voertuig waarin of waarop daar 'n hoeveelheid rooibostee deur enige persoon gehou word of na vermoede gehou word vir 'n ander doel as verbruik deur die eienaar van die rooibostee of deur lede van sy huisgesin;

(*b*) sodanige rooibostee te inspekteer en alle boeke en stukke op bedoelde plek of in of op bedoelde voertuig na te gaan wat op redelike gronde vermoed word op bedoelde rooibostee betrekking te hê en afskrifte van of uittreksels uit die boeke of stukke te maak;

(*c*) van die eienaar van bedoelde rooibostee of die persoon wat dit in sy bewaring het, inligting aangaande die rooibostee te eis;

(*d*) van die eienaar van so 'n boek of stuk of die persoon wat dit in sy bewaring het, 'n verklaring van aantekenings daarin te eis;

(*e*) beslag te lê op boeke, stukke of artikels wat bewys kan lewer van 'n misdryf ingevolge die Wet op hierdie skema of 'n kragtens die Wet uitgevaardigde regulasie gepleeg, of op enige hoeveelheid rooibostee ten opsigte waarvan so 'n misdryf vermoedelik gepleeg is, en om boeke, stukke of artikels of enige hoeveelheid rooibostee waarop aldus beslag gelê is, van die betrokke plek of voertuig te verwyder of dit op bedoelde plek of voertuig te laat, en na goeddunke op so 'n boek, stuk, artikel of die houer van sodanige hoeveelheid rooibostee, enige identifikasiemerk wat hy nodig ag, aan te bring;

(*f*) van sodanige rooibostee, met inbegrip van enige hoeveelheid van sodanige rooibostee waarop kragtens subparagraaf (*e*) beslag gelê is, monsters te neem en sodanige monsters te ondersoek, te ontleed of te gradeer of te laat ondersoek, ontleed of gradeer.

OORTREDINGS EN STRAFBEPALINGS.

24. Iemand wat 'n bepaling van hierdie skema of 'n verbod, voorskrif of bevel wat deurkragtens uitgevaardig is, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.

OPHEFFING VAN SKEMA.

25. Ingeval hierdie skema opgehef word, moet alle bates van die raad tot geld gemaak word en indien daar nadat al die skulde van die raad betaal is—

(*a*) 'n surplus is, moet die bedrag daarvan onder die persone wat aanspreeklik is vir die betaling van 'n heffing opgelê kragtens artikel 16 verdeel word in verhouding tot die onderskeie bedrae deur hulle tot die fondse van die raad by wyse van heffing bygedra gedurende die tydperk van drie jaar onmiddellik voor die datum waarop die skema opgehef word, of gedurende die tydperk wat die skema in werking was, wat ook al die kortste tydperk is;

(*b*) a deficit, the amount thereof shall be recoverable from the persons mentioned in paragraph (*a*) in the proportion calculated in the manner described in that paragraph.

✱ No. 215, 1954.]

SEA FISHERIES ACT, 1940.

Under the powers vested in me by section *four* of the Sea Fisheries Act, 1940 (Act No. 10 of 1940), as amended, I hereby repeal—

(*a*) Proclamation No. 144 of 1947;
(*b*) Proclamation No. 68 of 1950;
(*c*) Proclamation No. 186 of 1950;
(*d*) Proclamation No. 303 of 1950;
(*e*) Proclamation No. 70 of 1951;
(*f*) Proclamation No. 97 of 1951; and
(*g*) Proclamation No. 237 of 1951.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twenty-first day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-four.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

J. F. NAUDÉ.

✱ No. 216, 1954.]

Whereas by Proclamation of the President of the South African Republic dated 1st April, 1889, and published in *Staatscourant* No. 428, dated 3rd April, 1889, the farm Waterval No. 211, District Pietersburg, Mining District of Pietersburg, Transvaal Province, was proclaimed a public digging in terms of article *five* of the Amended Law, No. 8 of 1885, on and after the 15th April, 1889;

And whereas in respect of a certain portion of the farm Waterval No. 211, thus proclaimed and hereinafter more particularly described and defined, the conditions set out in sub-section (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), having been found to exist, it is now expedient to close and deproclaim as a public digging the said portion of the said farm;

And whereas all the provisions of sub-section (2) of the said section have been complied with in every respect;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), I do hereby declare that a certain portion of the farm Waterval No. 211, District Pietersburg, Mining District of Pietersburg, Transvaal Province, in extent 520·9544 morgen, registered in the names of M. Zaacks (married out of community of property to A. M. Zaacks), and others, and as defined by a diagram approved by the Surveyor-General on the 7th May, 1954, under S.G. No. A.7249/53, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Pietersburg, under R.M.T. No. 2112, shall be and is hereby closed and deproclaimed as a public digging as from the first day following on the publication of this proclamation in the *Gazette*.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal as Pretoria this Eighteenth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-four.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

A. J. R. VAN RHIJN.
M.M. 27/1/45.

(*b*) 'n tekort is, is die bedrag daarvan verhaalbaar op die persone genoem in paragraaf (*a*) in die verhouding bereken op die wyse in daardie paragraaf beskryf.

✱ No. 215, 1954.]

WET OP SEEVISSERYE, 1940.

Kragtens die bevoegdhede my verleen by artikel *vier* van die Wet op Seevisserye, 1940 (Wet No. 10 van 1940), soos gewysig, herroep ek hierby—

(*a*) Proklamasie No. 144 van 1947;
(*b*) Proklamasie No. 68 van 1950;
(*c*) Proklamasie No. 186 van 1950;
(*d*) Proklamasie No. 303 van 1950;
(*e*) Proklamasie No. 70 van 1951;
(*f*) Proklamasie No. 97 van 1951; en
(*g*) Proklamasie No. 237 van 1951.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Een-en-twintigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Vier-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

J. F. NAUDÉ.

✱ No. 216, 1954.]

Nademaal die plaas Waterval No. 211, distrik Pietersburg, myndistrik Pietersburg, provinsie Transvaal, by proklamasie van die President van die Suid-Afrikaanse Republiek, gedateer 1 April 1889 en gepubliseer in *Staatscourant* No. 428 van 3 April 1889, met ingang van 15 April 1889 en ooreenkomstig artikel *vyf* van die Gewysigde Wet, No. 8 van 1885, tot 'n publieke delwery geproklameer is;

En nademaal dit nou dienstig is om 'n sekere gedeelte van die plaas Waterval No. 211, aldus geproklameer en later hierin vollediger omskryf en bepaal, as 'n pubieke delwery te sluit en te proklameer aangesien daar bevind is dat die toestande wat in subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die Precious and Base Metals Act, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), beskryf word, ten opsigte van gemelde gedeelte van gemelde plaas bestaan;

En nademaal al die bepalings van subartikel (2) van gemelde artikel *een-en-dertig* in alle opsigte nagekom is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die Precious and Base Metals Act, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), hierby verklaar dat 'n sekere gedeelte van die plaas Waterval No. 211, distrik Pietersburg, myndistrik Pietersburg, provinsie Transvaal, 520·9544 morg groot, op naam van M. Zaacks (getroud op huweliksvoorwaarde met A. M. Zaacks) en andere geregistreer, en soos aangetoon op 'n kaart deur die Landmeter-generaal op 7 Mei 1954 onder S.G. No. A.7249/53 goedgekeur, waarvan afskrifte in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Pietersburg, onder R.M.T. No. 2112 bewaar word, met ingang van die eerste dag na die publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant* as 'n publieke delwery gesluit en gedeproklameer is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Agtiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Vier-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

A. J. R. VAN RHIJN.
M.M. 27/1/45.

✱ No. 217, 1954.]

DECLARATION OF ROOIBOS TEA AS A PRODUCT IN TERMS OF THE MARKETING ACT, 1937, AND PROHIBITION ON THE SALE THEREOF UNLESS IT IS MARKED IN THE PRESCRIBED MANNER.

Under the powers vested in me in terms of paragraph (*g*) of the definition of "product" in sub-section (1) of section *one* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I do hereby declare rooibos tea, as defined in the Schedule hereto to be a product for the purposes of the said Act, and under the powers vested in me by section *thirty-six* thereof, I do hereby declare that no person shall sell rooibos tea in the Union unless it is packed or marked according to grade and in a manner prescribed by regulation.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this the Second day of November, One thousand Nine hundred and Fifty-four.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

S. P. LE ROUX.

SCHEDULE.

DEFINITION OF ROOIBOS TEA.

Rooibos tea means the product obtained from the needlelike leaves and fine stems of the plant *Aspalathus contaminatus* (Thb.) Druce (*Borbonia pinifolia* Marl.) or related species after it has been cut, bruised, properly cured and dried.

✱ No. 217, 1954.]

VERKLARING VAN ROOIBOSTEE AS 'N PRODUK INGEVOLGE DIE BEMARKINGSWET, 1937, EN VERBOD OP DIE VERKOOP DAARVAN TENSY DIT OP DIE VOORGESKREWE MANIER GEMERK IS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen ingevolge paragraaf (*g*) van die woordomskrywing van „produk" in subartikel (1) van artikel *een* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, verklaar ek hierby rooibostee, soos in die Bylae hiervan omskryf, tot produk vir die toepassing van daardie Wet en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses-en-dertig* daarvan, verklaar ek hierby dat niemand rooibostee in die Unie mag verkoop nie, tensy dit op 'n by regulasie voorgeskrewe wyse verpak of volgens graad gemerk is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Tweede dag van November Eenduisend Negehonderd Vier-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

S. P. LE ROUX.

BYLAE.

OMSKRYWING VAN ROOIBOSTEE.

Rooibostee is die produk wat verkry word van die naaldagtige blaartjies en fyn stammetjies van die plant *Aspalathus contaminatus* (Thb.) Druce (*Borbonia pinifolia* Marl.) of verwante spesies, nadat dit gekerf, gekneus, behoorlik gesweet en gedroog is.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF FINANCE.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

✱ No. 2254.] [5 November 1954

PRELIMINARY STATEMENT SHOWING SHIPPING, IMPORT DUTIES, VALUES OF IMPORTS INTO THE UNION AND SOUTH-WEST AFRICA AND THE PRINCIPAL AND OTHER EXPORTS FOR THE MONTH OF AUGUST AND THE EIGHT MONTHS ENDING AUGUST, 1954, AND THE CORRESPONDING FIGURES FOR 1953.

N.B.—ALL FIGURES RELATING TO GOLD BULLION EXCLUDED THROUGHOUT.

VOORLOPIGE OPGAWE VAN SKEEPVAART, INVOERREGTE, WAARDES VAN DIE INVOER VAN DIE UNIE EN SUID-WES-AFRIKA EN DIE VERNAAMSTE EN ANDER UITVOER, VIR DIE MAAND AUGUSTUS EN DIE AGT MAANDE GEËINDIG AUGUSTUS 1954, EN DIE OOREENSTEMMENDE SYFERS VIR 1953.

L.W.—ALLE SYFERS BETREFFENDE STAAFGOUD DEURGAANS WEGGELAAT.

	Month of August. *Maand Augustus.*		Eight Months Ending August. *Agt maande geëindig Augustus.*	
	1954.	1953.	1954.	1953.
SHIPPING OVERSEAS.—SKEEPVAART OORSEE.				
Vessels entered—*Bote ingeklaar*.....No.	195	169	1,371	1,317
Vessels cleared—*Bote uitgeklaar*.....No.	195	172	1,363	1,312
Cargo landed—*Lading geland*.....Tons/*Tonne*	642,070	498,815	4,823,300	4,284,756
Cargo shipped—*Lading verskeep*.....Tons/*Tonne*	309,090	285,445	2,746,182	2,090,912
IMPORT DUTIES.—INVOERREGTE.	£	£	£	£
Cape Town—*Kaapstad*.....	545,158	563,746	4,502,221	4,382,646
Port Elizabeth.....	378,484	382,805	3,107,835	2,787,576
East London—*Oos Londen*.....	224,375	223,771	1,685,945	1,648,076
Durban.....	664,620	643,884	5,097,826	4,582,181
Johannesburg.....	381,311	353,182	2,871,221	2,583,088
Lourenco Marques.....	528,107	589,888	4,073,656	3,762,556
G.P.O.—*H.P.K.*.....	94,035	136,766	742,450	915,396
Other Union Ports and Stations—*Ander hawens en stasies in die Unie*.....	65,636	55,786	559,424	355,141
	2,881,726	2,949,828	22,640,578	21,016,660
S.W.A. Ports including G.P.O.—*S.W.A. hawens, H.P.K. ingesluit*.....	57,537	49,565	392,163	325,347
TOTAL—TOTAAL.....	£2,939,263	£2,999,393	£23,052,741	£21,342,007

	Month of August. *Maand Augustus.*		Eight Months Ending August. *Agt maande geëindig Augustus.*	
	1954.	1953.	1954.	1953.
UNION IMPORTS.—UNIE INVOER.				
MERCHANDISE.—KOOPWARE.	£	£	£	£
Cape Town—*Kaapstad*	6,297,699	5,852,550	51,121,973	47,173,237
Port Elizabeth	5,514,163	5,610,750	43,991,648	41,553,912
East London—*Oos Londen*	2,497,239	2,481,311	20,031,930	21,417,046
Durban	10,881,099	9,617,749	92,256,568	80,351,383
Johannesburg	3,791,985	3,602,811	29,860,520	28,941,312
Lourenco Marques	1,757,156	1,688,030	12,641,366	12,496,113
G.P.O.—*H.P.K.*	1,408,183	2,046,953	13,396,663	14,303,795
Other Union Ports and Stations—*Ander hawens en stasies in die Unie*	805,812	301,314	6,059,080	3,411,853
TOTAL OVERSEAS—TOTAAL OORSEE	£32,953,336	£31,201,468	£269,359,748	£249,648,651
From N. Rhodesia—*Van N. Rhodesië*	325,721	441,533	3,615,772	2,792,832
From S. Rhodesia—*Van S. Rhodesië*	910,285	769,508	6,408,715	5,829,964
From South West Africa—*Van Suidwes-Afrika*	1,162,169	673,102	4,886,937	3,911,910
TOTAL MERCHANDISE—TOTALE KOOPWARE	£35,351,511	£33,085,611	£284,271,172	£262,183,357
Specie—*Spesie*	1,436	550	26,150	22,240
Government Stores—*Goewermentsvoorrade*	2,774,353	3,017,680	22,619,830	22,952,683
GRAND TOTAL IMPORTS—GROOT TOTAAL INVOER	£38,127,300	£36,103,841	£306,917,152	£285,158,280
UNION EXPORTS.—UNIE UITVOER.				
	£	£	£	£
Hides and skins—*Huide en velle*	714,468	1,038,006	4,913,662	6,274,823
Wool—*Wol*	938,842	1,397,761	34,273,741	35,658,350
Wattle bark and extract—*Wattelbas en ekstrak*	367,974	464,931	4,653,855	5,206,511
Maize—*Mielies*	800,365	221,598	8,318,399	438,071
Fish dried, salted, cured and preserved—*Vis, gedroog, gesout gerook en gepreserveer*	326,262	340,573	3,424,117	2,815,099
Fruit, all kinds—*Vrugte, alle soorte*	1,551,116	1,229,629	14,317,764	11,970,190
Sugar—*Suiker*	622,773	42,897	3,948,898	291,329
Vegetables preserved—*Groente gepreserveer*	125,700	72,507	652,598	665,916
Agricultural machinery and implements—*Landboumasjinerie en gereedskap*	90,513	76,815	513,519	469,233
Mining machinery—*Mynmasjinerie*	326,341	431,892	2,239,026	2,427,328
Other machinery n.e.s.—*Ander masjinerie n.e.v.*	280,292	280,004	2,058,417	1,998,842
Chrome ore—*Chroomerts*	119,580	267,545	1,393,812	1,693,527
Manganese ore—*Mangaanerts*	103,587	303,814	2,208,646	2,947,211
Copper, bar and blister—*Koper stawe, en ru- (blister)*	763,019	258,944	5,784,432	5,344,818
Asbestos—*Asbes*	551,493	555,092	5,021,777	4,247,201
Coal—*Steenkool*	164,153	173,060	1,805,418	1,824,043
Diamonds—*Diamante*	1,196,141	1,406,513	10,121,261	9,952,636
Footwear—*Skoeisel*	187,141	215,785	1,336,828	1,278,773
Tyres and tubes, pneumatic—*Lugbuite- en -binnebande*	378,552	313,805	2,209,710	1,872,665
Semi-processed and processed gold—*Verwerkte en halfverwerkte goud*	—	4,649,867	29,594	40,588,000
Other merchandise—*Ander koopware*	7,761,748	6,923,657	57,679,276	48,613,611
Imported goods re-exported—*Ingevoerde goedere weer uitgevoer*	2,521,882	3,053,176	24,828,021	25,208,892
Bunker coal and ship's stores—*Bunker steenkool en skeepsvoorrade*	730,953	488,441	4,230,842	3,993,220
TOTAL—TOTAAL	£20,622,895	£24,206,312	£195,963,613	£215,780,289
* Specie (face value)—*Spesie (sigwaarde)*	15,061	1,402	73,659	27,879
† GRAND TOTAL EXPORTS—GROOTTOTAAL UITVOER	£20,637,956	£24,207,714	£196,037,272	£215,808,168
† Includes exports—*Sluit in uitvoer—*				
To South West Africa—*Na suidwes-Afrika*	1,823,362	1,964,821	11,560,989	12,267,408
To Northern Rhodesia—*Na Noord-Rhodesië*	1,319,950	1,456,442	01,394,759	9,295,787
To Southern Rhodesia—*Na Suid-Rhodesië*	2,552,970	2,406,983	19,381,987	16,539,097
	£	£	£	£
Walvis Bay—*Walvisbaai*	288,707	384,222	2,576,422	3,310,251
Luderitz	2,669	33,958	127,810	227,504
Windhoek	563	—	3,629	—
TOTAL OVERSEAS—TOTAAL OORSEE	£291,939	£418,180	£2,707,861	£3,537,755
From Union of South Africa—*Van Unie van Suid-Afrika*	1,823,362	1,964,821	11,560,989	12,267,408
From Southern and Northern Rhodesia—*Van Suid- en Noord-Rhodesië*	8,827	7,008	84,058	69,294
GRANDTOTAL—GROOTTOTAAL	£2,124,128	£2,390,009	£14,352,908	£15,874,457
SOUTH WEST AFRICA EXPORTS.—SUIDWES-AFRIKA UITVOER.				
OVERSEAS.—OORSEE.				
Diamonds—*Diamante*	1,457,138	1,523,279	9,205,282	8,682,569
Other merchandise—*Ander koopware*	1,725,032	2,048,250	10,909,795	9,818,206
TOTAL OVERSEAS—TOTAAL OORSEE	£3,182,170	£3,571,529	£19,115,077	£18,500,775
To Union of South Africa—*Na die Unie van Suid-Afrika*	1,162,753	691,354	4,910,172	3,950,784
GRAND TOTAL—GROOTTOTAAL	£4,344,923	£4,262,883	£24,025,249	£22,451,559

* Includes specie not of South African minting.—*Sluit in spesie nie in Suid-Afrika geslaan nie.*

✱ No. 2260.] [5 November 1954.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to Section *nineteen* (1) (*a*) of Act 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 22nd day of October, 1954.

LIABILITIES.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,816,412	9	8
Notes in Circulation	91,189,545	15	0
Deposits:—			
(*a*) Government	6,761,113	1	10
(*b*) Bankers	42,279,483	18	2
(*c*) Other	15,613,944	2	7
Bills Payable	—		
Other Liabilities	15,339,436	19	4
	£174,999,936	6	7

ASSETS.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £15,548,079. 6s. 10d. held outside Union	70,823,884	8	7
Subsidiary Coin	249,501	19	11
Bills Discounted:—			
(*a*) Domestic	—		
(*b*) Foreign	50,344,321	7	6
Loans and Advances to the Government	3,500,000	0	0
Other Loans and Advances	4,115,028	6	5
Government Securities	32,454,676	11	7
Other Securities:—			
(*a*) Union	2,516,175	19	7
(*b*) Foreign	2,189,227	4	5
Other Assets:—			
(*a*) In Union	3,343,334	5	4
(*b*) Outside Union	5,463,786	3	3
	£174,999,936	6	7

Ratio of gold reserves to liabilities to public 66·4 per cent.
Signed this 27th day of October, 1954.

S. F. T. GREAVES, Deputy Chief Cashier.

✱ No. 2260.] [5 November 1954.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 22ste dag van Oktober, 1954.

LASTE.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,816,412	9	8
Note in om'oop	91,189,545	15	0
Deposito's van:—			
(*a*) Regering	6,761,113	1	10
(*b*) Bankiers	42,279,483	18	2
(*c*) Andere	15,613,944	2	7
Te betale wissels	—		
Ander laste	15,339,436	19	4
	£174,999,936	6	7

BATES.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons) waarvan £15,548,079 6s. 10d. buite die Unie gehou word	70,823,884	8	7
Pasmunt	249,501	19	11
Gediskonteerde wissels:—			
(*a*) Binnelandse	—		
(*b*) Buitelandse	50,344,321	7	6
Lenings en voorskotte aan die Regering	3,500,000	0	0
Ander lenings en voorskotte	4,115,028	6	5
Staatseffekte	32,454,676	11	7
Ander effekte:—			
(*a*) Unie	2,516,175	19	7
(*b*) Buitelandse	2,189,227	4	5
Ander bates:—			
(*a*) In die Unie	3,343,334	5	4
(*b*) Buite die Unie	5,463,786	3	3
	£174,999,936	6	7

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek 66·4 persent.
Geteken, die 27ste dag van Oktober 1954.

S. F. T. GREAVES, Onderhoofkassier.

✱ No. 2262.] [5 November 1954.

LOCAL REGISTERED STOCK.—LOST CERTIFICATE.

3¼ PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK.

12-Year Loan Certificate No. 4010, for £500, in favour of Mrs. Williamina Elizabeth Cameron Bews (Widow).

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Certificate of Stock, the original having been lost, or mislaid, notice is hereby given that unless the original be produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice a duplicate, as applied for, will be issued.

✱ No. 2262.] [5 November 1954.

PLAASLIKE GEREGISTREERDE EFFEKTE.—VERLORE SERTIFIKAAT.

PLAASLIKE GEREGISTREERDE EFFEKTE VAN 3¼ PERSENT.

12-Jaar-lening Sertifikaat No. 4010, vir £500, ten gunste van mev. Williamina Elizabeth Cameron Bews (Weduwee).

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor is of weggeraak het, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

✱ No. 2268.] [5 November 1954.

PUBLIC ACCOUNTANTS' AND AUDITORS' BOARD.—PRESCRIBED FEES.

It is hereby notified for general information that, with the approval of the Minister of Finance, in terms of subsection (3) of section *twenty-one* of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), the Public Accountants' and Auditors' Board has.

✱ No. 2268.] [5 November 1954.

OPENBARE REKENMEESTER- EN OUDITEURS-RAAD.—VOORGESKREWE GELDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat, met die goedkeuring van die Minister van Finansies kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad kragtens paragraaf (*d*) van subartikel (1)

in terms of paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *twenty-one* of the said Act, amended the fees prescribed in Government Notice No. 140 of 18th January, 1952, to the extent set out in the Schedule hereto. The amendment will take effect on the 1st January, 1955.

Government Notice No. 2134 of 22nd October, 1954, is hereby repealed.

SCHEDULE.

Government Notice No. 140 of 18th January, 1952. is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the figures "£10. 10. 0." of the figures "£8. 8. 0."; and

(*b*) by the substitution for the figures "£5. 5. 0." where they appear for the second time of the figures "£4. 4. 0.".

van artikel *een-en-twintig* van genoemde Wet, die gelde voorgeskryf by Goewermentskennisgewing No. 140 van 18 Januarie 1952, in dié mate gewysig het soos in die Bylae aangetoon. Die wysiging sal van krag word op 1 Januarie 1955.

Goewermentskennisgewing No. 2134 van 22 Oktober 1954 word hierby herroep.

BYLAE.

Goewermentskennisgewing No. 140 van 18 Januarie 1952 word hierby gewysig—

(*a*) deur die syfers „£10. 10. 0." deur die syfers „£8. 8. 0." te vervang; en

(*b*) deur die syfers „£5. 5. 0." waar dit vir die tweede keer voorkom, deur die syfers „£4. 4. 0." te vervang.

✱ No. 2269.] [5 November 1954.

In terms of section *thirteen* (3) of the Banking Act, 1942, the following Monthly Returns as at 30th September, 1954, of Institutions registered as Commercial Banks under that Act, are published for general information.

✱ No. 2269.] [5 November 1954.

Ingevolge artikel dertien (3) van die Bankwet, 1942, word onderstaande Maandelikse Opgawes per 30 September 1954 van Instellings wat kragtens vermelde Wet as Handelsbanke geregistreer is, vir algemene inligting gepubliseer.

	Banque de l'Indochine (South Africa), Limited.*	Barclays Bank (Dominion, Colonial and Overseas).	Nederlandse Bank van Suid-Afrika, Beperk.	The South African Bank of Athens, Limited.*	The Standard Bank of South Africa, Ltd.	Die Stellenbossche Distriksbank, Beperk.	Volkskas, Beperk,	Totaal. Total.
	£	£	£	£	£	£	£	£
Liabilities to the Public in the Union. *Verpligtings teenoor die Publiek in die Unie.*								
Demand Liabilities	403,703	175,174,849	15,511,128	513,517	152,543,344	976,899	33,108,728	378,232,168
Onmiddellik opeisbare verpligtings								
Time Liabilities	446,193	13,252,776	4,527,234	115,114	11,457,474	531,801	8,939,586	39,270,178
Termynverpligtings								
Total Liabilities to the Public	894,896	188,427,625	20,038,362	628,631	164,000,818	1,508,700	42,048,314	417,502,346
Totale verpligtings teenoor die publiek								
Assets in the Union. *Bate in die Unie.*								
Subsidiary Coin	424	907,381	145,310	871	788,854	3,684	146,043	1,992,567
Pasmunt								
Gold Coin and Bullion	—	82,301	—	—	36,369	—	—	118,670
Goudmunt en staafgoud								
Notes of South African Reserve Bank	10,188	5,858,426	658,498	14,617	5,862,805	46,734	1,027,754	13,479,022
Suid-Afrikaanse Reserwebankbiljette								
Credit Balance in South African Reserve Bank	79,566	18,744,065	1,895,920	71,077	16,448,074	110,000	4,478,932	41,827,634
Kreditsaldo in Suid-Afrikaanse Reserwebank								
Credit Balance in National Finance Corporation of South Africa	50,000	500,000	1,000,000	—	3,000,000	200,000	750,000	5,500,000
Kreditsaldo in Nasionale Finansiekorporasie van Suid-Afrika								
Total Cash Reserves	140,178	26,092,173	3,699,728	86,565	26,136,102	360,418	6,402,729	62,917,893
Totale kontantreserwes								
Other Liquid Assets	208,558	63,600,139	2,702,168	168,307	54,656,124	359,531	11,414,768	133,109,595
Ander likwide bate								
Total Loans and Discounts	1,756,096	97,829,542	16,314,549	651,943	93,854,380	923,473	26,049,886	237,379,869
Totale Lenings en Diskonterings								
Ratios. *Verhoudingsyfers.*	%	%	%	%	%	%	%	%
Reserve Ratio	16·49	13·85	18·46	13·77	15·94	23·89	15·23	15·07
Reserwepersentasie								
Liquid Asset Ratio	41·03	47·60	31·95	40·54	49·26	47·72	42·37	46·95
Persentasie likwide bate								

* Provisionally registered.—Voorlopig geregistreer.

DEPARTMENT OF LANDS.

✱ No. 2247.] [5 November 1954.

It is hereby notified, in terms of section *five* of the Sea-Shore Act, No. 21 of 1935, that it is the intention of the Minister of Lands to place before Parliament an application by the Uvongo Town Council for (i) a lease of two portions of the sea-shore, six (6) feet wide and one hundred (100) feet and one hundred and twenty-four (124) feet long respectively, opposite Lot No. 3 Manaba of Lot A of Margate No. 9367 and Lot No. 674, Uvongo Beach Township, South Coast, Natal, for the purpose of laying two pipe lines for the discharge of sewage and waste water effluent into the sea from the Hotels Lucien and La Crete; and (ii) permission to extend and lay each of the said pipe lines on the bed of the sea for a distance of twenty (20) feet.

A sketch, indicating the locality, may be inspected at the office of the Provincial Representative, Department of Lands, Pietermaritzburg.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

✱ No. 2247.] [5 November 1954.

Amalgamated Society of Woodworkers of South Africa ...	17,851	12	10
Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa	35,649	11	11
Operative Plasterers' Trade Union of South Africa	1,449	12	2
South African Operative Masons' Society	563	14	9"

2. Voeg die volgende subklousule by klousule 4:—

„(7) Die Raad kan uit die bedrae genoem in subklousule 2 (*a*) van hierdie klousule, 'n bedrag van hoogstens £12,500 aan die Master Builders' and Allied Trades Associations, genoem in daardie subklousule, terugbetaal asook 'n dergelike bedrag aan die vakverenigings wat daarin genoem word."

3. Skrap die volgende woorde in subklousule (1) van klousule 10:—

„(1) As die oorblywende geld minder is as die totale bedrag wat ingevolge klousule 4 (2) (*a*) deur die partye inbetaal is, moet elke party 'n bedrag ontvang wat gelyk is aan of eweredig is met die bedrag wat hy inbetaal het; met dien verstande dat—"

en vervang dit deur die woorde:—

„As die bedrae wat in die kredit van die fonds oorbly, gelyk aan of minder is as die totale bedrag wat ingevolge klousule 4 (2) (*a*) deur die partye inbetaal is, min enige bedrag kragtens klousule 4 (7) aan hulle terugbetaal, moet elke party wat bydra 'n bedrag ontvang gelyk aan of eweredig met die bedrag wat deur hom inbetaal is, min enige bedrag wat kragtens klousule 4 (7) aan hom terug betaal is, na gelang van die geval, met dien verstande dat—".

4. Skrap die volgende woorde in subklousule (2) van klousule 10:—

„As die oorblywende geld in die fonds meer is as die totale bedrag wat ingevolge klousule 4 (2) (*a*) deur die partye inbetaal is, moet daar na die betalings ingevolge subklousule (1) soos volg gehandel word met die geld wat oorbly—"

en vervang dit deur die woorde—

„As die bedrae wat in die kredit van die fonds oorbly, die totale bedrag oorskry wat ingevolge 4 (2) (*a*) deur die partye inbetaal is, min enige bedrag kragtens klousule 4 (7) aan hulle terugbetaal, moet oor sodanige bedrae wat oorbly, nadat die betalings kragtens subklousule (1) geskied het, soos volg beskik word—".

5. Skrap paragraaf (*a*) van klousule 7 (4) en vervang dit deur die volgende:—

„7 (4) *Spesiale permanente ongeskiktheidstoelae.*—(*a*) Die Raad kan jaarliks uit die algemene fondse van die Bystandfonds 'n bedrag van hoogstens £25,000 toeken vir die doel om die bystand te verskaf wat in hierdie subklousule genoem word."

6. Skrap subklousules (3) (*a*) (i), (3) (*a*) (iii), (3) (*a*) (iv) en (3) (*c*) (ii) van klousule 7 en vervang dit deur die volgende subklousules:—

„(3) (*a*) (i) In 'n kringloop van een jaar van die datum waarop hy nie in staat is om te werk nie, is hy geregtig op 16s. per werkdag vir 'n tydperk van hoogstens 65 werkdae en daarna op 8s. per werkdag vir 'n tydperk van 65 warkdae.

(3) (*a*) (iii) As die mediese dokter aan die einde van 130 dae rapporteer dat die lid nog nie in staat sal wees om sy werk te doen nie, gaan die lid voort om siektebystand te ontvang teen 8s. per werkdag tot die einde van die eerste kringloop van een jaar van die datum waarop hy nie in staat is om te werk nie.

(3) (*a*) (iv) As 'n lid aan die einde van die eerste of enige daaropvolgende kringloop van een jaar nog nie in staat is om sy werk te doen nie, is hy aan die begin van die volgende kringloop van een jaar geregtig op 16s. per werkdag vir 65 werkdae en daarna op 8s. per werkdag.

(3) (*c*) (ii) 'n Lid wat siektebystand teen 8s. per werkdag of 16s. per werkdag aan die einde van 'n kringloop van een jaar ingevolge klousule 7 (3) (*a*) (iii) of (iv) ontvang, gaan gedurende die jaarlikse verloftydperk, voorgeskryf ingevolge klousule 25 van die Ooreenkoms wat gepubliseer is by Goewermentskennisgewing No. 839 van 23 April 1948 of enige vervangende ooreenkoms, voort om siektebystand te ontvang teen die weeklikse koers waarop hy geregtig sou gewees het as daar geen verloftydperk was nie."

7. Delete clause 7 (4) (*h*) (i) (ii) (iii) and (iv) and substitute therefor the following:—

"7. (4) (*h*) (i) Ten years and over: £4 per month.
(ii) Fifteen years and over: £5 per month.
(iii) Twenty-five years and over: £6 per month.
(iv) Thirty-five years and over: £7 per month.

Signed at Johannesburg on behalf of the parties to the Building Industry (Transvaal) Benefit Fund Agreement on this 28th day of August, 1954.

F. L. A. BUCHANAN, *Chairman.*
G. DE C. MALHERBE, *Member.*
F. C. MARTIN, *Secretary.*

✱ No. 2241.] [5 November 1954.

WAGE ACT, No. 44 OF 1937.

DETERMINATION No. 171.—SWEET MANUFACTURING INDUSTRY, UNION OF SOUTH AFRICA.

The following correction to Government Notice No. 2072 appearing in the *Government Gazette* of the 8th October, 1954, is published for general information:—

In the Afrikaans version.

Clause 2.—Delete the word "van" where it appears for the first time in item (*c*) of the definition of "Lekkergoedmaker" and substitute therefor the word "wan".

Clause 3 (1).—Delete the weekly wage of £4 10 0 prescribed for a "Chauffeur" in paragraph (*b*) and substitute therefor £3 0 0.

The paragraph following on clause 3 (1) (*e*) should be numbered "(*f*)" and the following proviso should be added thereto:—

"Met dien verstande—

(i) dat die loon van 'n arbeider wat vir enige tydperk in 'n week verplig of toegelaat word om nagemmers te verwyder, leeg te maak, skoon te maak of te vervang ten opsigte van daardie week minstens die loon moet wees wat voorgeskryf is vir 'n manlike arbeider van 18 jaar vir daardie gebied plus die som van twee sjielings en ses pennies;

(ii) dat die minimum loon van 'n arbeider wat vir enige tydperk in 'n week verplig of toegelaat word om briewe, boodskappe of goedere per motorfiets, motordriewieler of motorfiets met syspan of per fiets met 'n hulpmotor af te lewer ten opsigte van daardie week met minstens sewe sjielings en ses pennies verhoog moet word; en

(iii) dat die minimum loon van 'n arbeider wat in enige tydperk in 'n week verplig of toegelaat word om een of meer van die pligte uit te voer of werksaamhede te verrig wat in items (29) tot en met (38) van die woordomskrywing 'arbeider' genoem word, ten opsigte van daardie week met minstens vyf sjielings verhoog moet word."

Clause 4 (2).—Delete the word "werknemer" at the beginning of this clause and substitute therefor the word "werkgewer".

Clause 6 (5).—Delete the word "werkgewer" at the beginning of paragraph (*a*) and substitute therefor the word "werknemer".

In the English version.

Clause 2.—Delete the word "pocket" in item 8 of the definition of "Grade I employee" and substitute therefor the word "packet".

Insert the word "beverages" after the word "similar" where the latter word appears for the second time in item (5) of the definition of "Labourer".

Clause 3 (1) (*a*).—Delete the weekly wage of £10 7 8 prescribed for a "traveller, unqualified," during the 3rd year of experience and substitute therefor £9 4 7.

7. Skrap klousule 7 (4) (*h*) (i) (ii) (iii) en (iv) en vervang dit deur die volgende:—

„7. (4) (*h*) (i) Tien jaar en meer: £4 per maand.
(ii) Vyftien jaar en meer: £5 per maand.
(iii) Vyf-en-twintig jaar en meer: £6 per maand.
(iv) Vyf-en-dertig jaar en meer: £7 per maand.

Namens die partye by die Bystandfondsooreenkoms vir die Bounywerheid (Transvaal) op hede die 28ste dag van Augustus 1954 in Johannesburg onderteken.

F. L. A. BUCHANAN, *Voorsitter.*
G. DE C. MALHERBE, *Lid.*
F. C. MARTIN, *Sekretaris.*

✱ No. 2241.] [5 November 1954.

LOONWET, No. 44 VAN 1937.

VASSTELLING No. 171.—LEKKERGOEDNYWERHEID, UNIE VAN SUID-AFRIKA.

Onderstaande verbetering aan Goewermentskennisgewing No. 2072 wat in die *Staatskoerant* van 8 Oktober 1954, verskyn, word vir algemene inligting bekendgemaak:—

In die Afrikaanse teks.

Klousule 2.—Skrap die woord „van" waar dit vir die eerste maal in item (*c*) van die woordomskrywing van „Lekkergoedmaker" voorkom en vervang dit deur „wan".

Klousule 3 (1).—Skrap die weeklikse loon van £4 10 0 wat vir 'n „Chauffeur" in paragraaf (*b*) voorgeskryf is en vervang dit deur £3 0 0.

Nommer die paragraaf wat op klousule 3 (1) (*e*) volg „(*f*)" en voeg die onderstaande voorbehoudsbepaling aan die einde daarvan in—

„Met dien verstande—

(i) dat die loon van 'n arbeider wat vir enige tydperk in 'n week verplig of toegelaat word om nagemmers te verwyder, leeg te maak, skoon te maak of te vervang ten opsigte van daardie week minstens die loon moet wees wat voorgeskryf is vir 'n manlike arbeider van 18 jaar vir daardie gebied plus die som van twee sjielings en ses pennies;

(ii) dat die minimum loon van 'n arbeider wat vir enige tydperk in 'n week verplig of toegelaat word om briewe, boodskappe of goedere per motorfiets, motordriewieler of motorfiets met syspan of per fiets met 'n hulpmotor af te lewer ten opsigte van daardie week met minstens sewe sjielings en ses pennies verhoog moet word; en

(iii) dat die minimum loon van 'n arbeider wat in enige tydperk in 'n week verplig of toegelaat word om een of meer van die pligte uit te voer of werksaamhede te verrig wat in items (29) tot en met (38) van die woordomskrywing 'arbeider' genoem word, ten opsigte van daardie week met minstens vyf sjielings verhoog moet word."

Klousule 4 (2).—Skrap die woord „werknemer" aan die begin van hierdie klousule en vervang dit deur „werkgewer".

Klousule 6 (5).—Skrap die woord „werkgewer" aan die begin van paragraaf (*a*) en vervang dit deur „werknemer".

In die Engelse teks.

Klousule 2.—Skrap die woord „pocket" in item 8 van die woordomskrywing van „Grade I employee" en vervang dit deur die woord „packet".

Voeg die woord „beverages" in na die woord „similar" waar laasgenoemde woord vir die tweede keer in item 5 van die woordomskrywing van „Labourer" voorkom.

Klousule 3 (1) (*a*).—Skrap die weeklikse loon van £10 7 8 wat voorgeskryf is vir „a traveller, unqualified," gedurende die derde jaar ervaring en vervang dit deur £9 4 7.

Delete the weekly wage of £9 4 7 prescribed for a "traveller, unqualified," during the 4th year of experience and substitute therefor £10 7 8.

The paragraph following on clause 3 (1) (*e*) should be numbered "(*f*)" and the following proviso should be added thereto:—

"Provided—

(i) that the wage of a labourer who for any period in any week is required or permitted to remove, empty, clean or replace sanitary pails shall in respect of that week be not less than the wage prescribed for a male labourer of the age of 18 years for that area plus the sum of two shillings and sixpence;

(ii) that the minimum wage of a labourer who for any period in any week is required or permitted to deliver letters, messages or goods by means of a motor cycle, motor tricycle or a motor cycle-sidecar combination or a bicycle with an auxiliary motor shall in respect of that week be increased by not less than the sum of seven shillings and sixpence; and

(iii) that the minimum wage of a labourer who for any period in any week is required or permitted to perform any one or more of the duties or operations mentioned in items (29) to (38), inclusive, of the definition 'labourer' shall in respect of that week be increased by not less than the sum of five shillings."

Clause 3 (10).—Insert the word "not" after the words "a wage of" where they appear in paragraph (*a*).

Clause 6 (8).—Insert the word "shall" after the word "advanced" in paragraph (*b*).

✱ No. 2244.] [5 November 1954.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

APPOINTMENT OF CLAIMS OFFICER.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby, in terms of section *twenty-six* of the Unemployment Insurance Act, 1946 (Act No. 53 of 1946), appoint the officer whose name appears in the Schedule hereto as Claims Officer with jurisdiction in the areas specified therein.

The appointment of Mr. J. P. B. Marais is hereby withdrawn.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

Name of Officer.	*Area of Jurisdiction.*
Christiaan Hattingh..	The Magisterial Districts of Aberdeen, Adelaide, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Colesberg, Cradock, Graaff-Reinet, Hanover, Humansdorp, Jansenville, Maraisburg, Middelburg (Cape), Murraysburg, Pearston, Port Elizabeth, Richmond (Cape), Somerset East, Steytlerville, Steynsburg, Uitenhage, Venterstad and Willowmore.

✱ No. 2245.] [5 November 1954.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

HOLIDAY FUND FOR THE BUILDING AND MONUMENTAL MASONRY INDUSTRIES, TRANSVAAL.—AMENDING AGREEMENT.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, do hereby declare—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, that all the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement), which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building and Monumental Masonry Industries, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice, and for the

Skrap die weeklikse loon van £9 4 7 wat voorgeskryf is vir „a traveller, unqualified," gedurende die vierde jaar ervaring en vervang dit deur £10 7 8.

Nommer die paragraaf wat op klousule 3 (1) (*e*) volg „(*f*)" en voeg die onderstaande voorbehoudsbepaling aan die einde daarvan in:—

„Provided—

(i) that the wage of a labourer who for any period in any week is required or permitted to remove, empty, clean or replace sanitary pails shall in respect of that week be not less than the wage prescribed for a male labourer of the age of 18 years for that area plus the sum of two shillings and sixpence;

(ii) that the minimum wage of a labourer who for any period in any week is required or permitted to deliver letters, messages or goods by means of a motor cycle, motor tricycle or a motor cycle-sidecar combination or a bicycle with an auxiliary motor shall in respect of that week be increased by not less than the sum of seven shillings and sixpence; and

(iii) that the minimum wage of a labourer who for any period in any week is required or permitted to perform any one or more of the duties or operations mentioned in items (29) to (38), inclusive, of the definition 'labourer' shall in respect of that week be increased by not less than the sum of five shillings."

Klousule 3 (10).—Voeg die woord „not" in na die woorde „a wage of" waar hulle in paragraaf (*a*) voorkom.

Klousule 6 (8).—Voeg die woord „shall" in na die woord „advanced" in paragraaf (*b*).

✱ No. 2244.] [5 November 1954.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

AANSTELLING VAN EISEBEAMPTE.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, stel hierby, kragtens die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946 (Wet No. 53 van 1946), die amptenaar wie se naam in die Bylae hiervan voorkom, as Eisebeampte aan met regsbevoegdheid in die gebiede wat daarin vermeld word.

Die aanstelling van mnr. J. P. B. Marais word hiermee teruggetrek.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

Naam van die amptenaar.	*Gebied van seggenskap.*
Christiaan Hattingh..	Die magistraatsdistrikte Aberdeen, Adelaide, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Colesberg, Cradock, Graaff-Reinet, Hanover, Humansdorp, Jansenville, Maraisburg, Middelburg (K.P.), Murraysburg, Pearston, Port Elizabeth, Richmond (K.P.), Somerset-Oos, Steytlerville, Steynsburg, Uitenhage, Venterstad en Willowmore.

✱ No. 2245.] [5 November 1954.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

VERLOFFONDS VIR DIE BOU- EN MONUMENTKLIPMESSELNYWERHEDE, TRANSVAAL. — WYSIGINGSOOREENKOMS.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem), wat in die Bylae hierby verskyn en op die Bou- en Monumentklipmesselnywerhede betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 2 Januarie

period ending the 2nd January, 1956, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of those organisations or those unions;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, that the provisions contained in the Amending Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the priod ending the 2nd January, 1956, upon the other employers and employees engaged or employed in the said industries in the Magisterial Districts of Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Nigel, Springs and Delmas and in the areas within radii of—

30 miles of the General Post Office at Krugersdorp;
20 miles of the General Post Offices at Vereeniging and Pretoria; and
10 miles of the General Post Offices at Klerksdorp, Potchefstroom, Witbank and Middelburg (Transvaal); and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, that in the Magisterial Districts of Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Nigel, Springs and Delmas and in the areas within radii of—

30 miles of the General Post Office at Krugersdorp;
20 miles of the General Post Offices at Vereeniging and Pretoria; and
10 miles of the General Post Offices at Klerksdorp, Potchefstroom, Witbank and Middelburg (Transvaal);

and from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 2nd January, 1956, the provisions contained in the Amending Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons in the said industries as are not included in the definition of the expression "employee" contained in section *one* of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY (TRANSVAAL).

THE BUILDING INDUSTRY (TRANSVAAL) HOLIDAY FUND.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, between the

Master Builders' and Allied Trades Association (Witwatersrand);
Pretoria Master Builders' and Allied Trades Association;
Master Masons' and Quarry Owners' Association (South Africa)

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' Organisation") of the one part, and the

Amalgamated Society of Woodworkers;
Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa;
Operative Plasterers' Trade Union of South Africa;
South African Operative Masons' Society

(hereinafter referred to as "the Employees" or "the trade Union") of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Building Industry (Transvaal) to amend the Agreement published under Government Notice No. 2688 dated 21st November, 1952, [hereinafter referred to as the Building Industry (Transvaal) Holiday Fund Agreement], as follows:—

1. Clause 3 (Definitions) of the Building Industry (Transvaal) Holiday Fund Agreement is hereby amended in subclause (8) by adding, after the wording "Nigel and Springs" the wording "and Delmas".

2. Delete sub-clauses (2) and (3) of clause 7 and substitute the following sub-clauses:—

7. (2) The fund shall consist of moneys accruing from the sale of stamps in terms of sub-clause (3) of clause 8. All such moneys shall be deposited in a bank to the credit of the fund within two days after receipt thereof.

1956 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en die werknemers wat lede van daardie organisasies of daardie verenigings is;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in die Wysigingsooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 2 Januarie 1956 eindig, bindend is vir ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens in genoemde nywerhede in die magistraatsdistrikte Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Nigel, Springs en Delmas en in die gebiede binne omtrekke van—

30 myl van die Hoofposkantoor, Krugersdorp;
20 myl van die Hoofposkantore, Vereeniging en Pretoria; en
10 myl van die Hoofposkantore, Klerksdorp, Potchefstroom, Witbank en Middelburg (Transvaal); en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in die Wysigingsooreenkoms vanaf die Tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 2 Januarie 1956 eindig, in die magistraatsdistrikte Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Nigel, Springs en Delmas en in die gebiede binne omtrekke van—

30 myl van die Hoofposkantoor, Krugersdorp;
20 myl van die Hoofposkantore, Vereeniging en Pretoria; en
10 myl van die Hoofposkantore, Klerksdorp, Potchefstroom, Witbank en Middelburg (Transvaal);

mutatis mutandis van toepassing is ten opsigte van persone in genoemde nywerheid wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer", vervat in artikel *een* van genoemde Wet, ingesluit is nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID (TRANSVAAL).

VERLOFFONDS VIR DIE BOUNYWERHEID (TRANSVAAL).

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, tussen die

Master Builders' and Allied Trades Association (Witwatersrand);
Pretoria Master Builders' and Allied Trades Association;
Master Masons' and Quarry Owners' Association (South Africa);

(hier onder „die werkgewers" of „die werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Society of Woodworkers;
Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa;
Operative Plasterers' Trade Union of South Africa;
South African Operative Masons' Society;

(hieronder „die werknemers" of „die vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid (Transvaal), om die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2688 van 21 November 1952, [hier onder die Verloffondsooreenkoms vir die Bounywerheid (Transvaal) genoem], soos volg te wysig:—

1. Klousule 3 (woordbepalings) van die Verloffondsooreenkoms vir die Bounywerheid (Transvaal) word hierby in subklousule (8) gewysig deur die byvoeging van die woorde „en Delmas" na die woorde „Nigel en Springs".

2. Skrap subklousules (2) en (3) van klousule 7 en vervang hulle deur die volgende subklousules:—

7. (2) Die fonds bestaan uit gelde wat gekweek word uit die verkoop van seëls kragtens subklousule (3) van klousule 8. Alle sodanige gelde moet binne twee dae na die ontvangs daarvan in die kredit van die fonds by 'n bank inbetaal word.

(3) The moneys of the fund shall be applied for the payments as provided for in sub-clause (6) and sub-clause (8) of clause 8.

3. Delete clause 8 and substitute the following clause:—

8. PAYMENTS FROM HOLIDAY FUND.

(1) (*a*) Each employer shall deduct from the remuneration due every week to each member of the undermentioned classes of employee the amount specified hereunder:—

	£	s.	d.
Operator of a sandpapering and spinning machine on flooring	0	9	0
Operator of a hoist	0	9	0
Driver of a mechanical vehicle or steam wagon	0	11	6
Learner in terms of Proclamation No. 8 of 1946	0	8	6½
Employees in all other trades or occupations other than apprentices	1	0	0

Provided that where an employee is employed by two or more employers during the same week, the deductions for that week shall be made by the employer by whom he was first employed during the week for not less than eight hours.

(*b*) No deduction shall be made in respect of an employee who works less than 8 hours of any week from Monday to Friday (inclusive) for an employer. In the event of an employee so working less than 8 hours for an employer, the employer shall pay to the said employee the remuneration referred to in clause 5 (2) of this Agreement in cash immediately on termination of his employment or at the end of the last working day of the week, whichever is the earlier.

(2) The employer shall in respect of amounts so deducted by him in terms of sub-clause (1), issue on each pay day to each of his employees concerned a stamp cancelled by him with the name and address of the firm to the value of such amounts, and each employee shall sign and fix such stamp in his contribution book which shall be retained by him.

(3) The stamps referred to in sub-clause (2) shall be purchased by the employer from the Secretary of the Fund and an adequate supply thereof shall at all times be maintained by the employer; provided that an employer may obtain a refund from the fund of the value of any unused stamps. An application for such refund shall be made to the Council not later than six months after the date of expiration of this Agreement.

(4) Application for a contribution book shall be made by the employer on a form to be obtained from the secretary of the fund.

(5) The closing date of the fund in each year shall be the second Friday in November, and all stamps issued to an employee in terms of sub-clause (2) of clause 8, subsequent to the second Friday in November, shall be signed and affixed in the contribution book for the ensuing year and shall be included in the payments of such ensuing year.

(6) (*a*) As early as possible after the second Friday in November, and not later than the last pay day preceding the holiday period, each employee shall deposit his contribution book with the secretary of the fund in exchange for a receipt card and the secretary shall ascertain the amount due to the employee as reflected by the value of stamps affixed to his contribution book and pay to the employee the amount in question at a date not later than the day prior to the commencement of the holiday period.

(*b*) Should an employee fail to claim his holiday pay within a period of six months from the date on which the holiday period commences, it shall become forfeit and accrue to the general funds of the Council. The Council shall, however, consider all claims for payment lodged after the said period and may in its discretion authorise payment thereof.

(7) Employees in all other trades and occupations, excluding apprentices under the Apprenticeship Act, 1944, unskilled labourers and operators of concrete mixers, mortar or similar machines may in respect of time lost by him on Good Friday, Easter Monday, May Day (in the event of the 1st of May falling on a Saturday or Sunday, then the first succeeding Monday), apply to his employer for payment; provided that such employee has duly signed stamps affixed to the form referred to in sub-clause (8) (*a*), the Holiday Fund value of which is equivalent to the amount claimed.

(8) If an employee makes application for an amount in terms of sub-clause (7) of clause 8, the following provisions shall apply:—

(*a*) The employee shall detach and sign the form in his contribution book in respect of the holiday for which payment is required, and deposit same with his employer two days before the pay day following the holiday in respect of which payment is required;

(3) Die gelde van die fonds moet aangewend word vir die betalings bepaal kragtens subklousule (6) en subklousule (8) van klousule 8.

3. Skrap klousule 8 en vervang dit deur die volgende klousule:—

8. BETALINGS UIT DIE VERLOFFONDS.

(1) (*a*) Elke werkgewer moet van die besoldiging wat elke week aan iedere lid van ondergenoemde klasse werknemers verskuldig is, die ondervermelde bedrag aftrek:—

	£	s.	d.
Bediener van 'n skuur- en draaiskuurskyfmasjien op vloere	0	9	0
Bediener van 'n hystoestel	0	9	0
Bestuurder van 'n meganiese voertuig of Stoomwa	0	11	6
Leerling ingevolge Proklamasie No. 8 van 1946	0	8	6½
Wernemers in alle ander ambagte of bedrywe, uitgesonderd vakleerlinge	1	0	0

Met dien verstande dat as 'n werknemer gedurende dieselfde week by twee of meer werkgewers in diens is, die bedrae vir daardie week afgetrek moet word deur die werkgewer by wie hy eerste gedurende die week minstens agt uur lank in diens was.

(*b*) Geen aftrekking mag geskied ten opsigte van 'n werknemer wat minder as 8 uur per week van Maandag tot en met Vrydag vir 'n werkgewer werk nie. Ingeval 'n werknemer aldus minder as 8 uur vir 'n werkgewer werk, moet die werkgewer genoemde werknemer die besoldiging wat in klousule 5 (2) van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, onmiddellik in kontant by beëindiging van sy diens uitbetaal, of, na gelang van die vroegste, aan die einde van die laaste werkdag van die week.

(2) Ten opsigte van bedrae wat hy aldus kragtens subklousule (1) aftrek, moet die werkgewer op elke betaaldag aan elkeen van sy betrokke werknemers 'n seël ter waarde van dié bedrae uitreik, wat deur hom gerojeer is met die neem en adres van die firma, en elke werknemer moet daardie seël teken en in sy bydraeboekie, wat deur hom bewaar moet word, inplak.

(3) Die seël genoem in subklousule (2) moet deur die werkgewer van die Sekretaris van die fonds gekoop word, en 'n voldoende voorraad daarvan moet te alle tye deur die werkgewer in voorraad gehou word; met dien verstande dat 'n werkgewer 'n terugbetaling uit die fonds ter waarde van die ongebruikte seëls kan verkry. 'n Aansoek by die Raad om so 'n terugbetaling moet nie later as ses maande na die vervaldatum van hierdie Ooreenkoms geskied nie.

(4) Aansoeke om bedraeboekies moet deur die werkgewer gedoen word op 'n vorm wat by die sekretaris van die fonds verkrygbaar is.

(5) Die sluitingsdatum van die fonds is elke jaar die tweede Vrydag in November, en alle seëls wat kragtens subklousule (2) van klousule 8 aan werknemers na die tweede Vrydag in November uitgereik word, moet geteken en ingeplak word in die bydraeboekie vir die daaropvolgende jaar en moet by die betalings van sodanige daaropvolgende jaar ingesluit word.

(6) (*a*) So spoedig moontlik na die tweede Vrydag in November en voor of op die laaste betaaldag voor die verloftydperk, moet elke werknemer sy bydraeboekie by die sekretaris van die fonds in ruil vir 'n ontvangsbewys inlewer en die sekretaris moet die bedrag vasstel wat aan die werknemer verskuldig is, soos aangetoon deur die waarde van die seëls wat in sy bydraeboekie ingeplak is, en die werknemer die betrokke bedrag betaal op 'n datum nie later as die dag voor die aanvang van die verloftydperk nie.

(*b*) As 'n werknemer versuim om sy verlofbetaling op te eis binne 'n tydperk van ses maande na die datum waarop die verloftydperk begin, verbeur hy dit en kom dit die algemene fonds van die Raad toe. Die Raad moet egter alle eise om betaling oorweeg wat na genoemde tydperk ingedien word en kan betaling daarvan na goeddunke magtig.

(7) Werknemers in alle ander ambagte en bedrywe, uitgesonderd vakleerlinge ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944, ongeskoolde arbeiders en bedieners van betonmengers, dagha- of soortgelyke masjiene, kan ten opsigte van tyd wat hulle verloor op Goeie Vrydag, Paasmaandag, Meidag (ingeval 1 Mei op 'n Saterdag of Sondag val, dan die eerste daaropvolgende Maandag), aansoek om betaling by hul werkgewer doen; met dien verstande dat sodanige werknemer behoorlik-getekende seëls, waarvan die verlooffondswaarde gelyk is aan die bedrag wat geëis word, geplak het op die vorm genoem in subklousule (8) (*a*).

(8) Indien 'n werknemer aansoek om betaling van 'n bedrag kragtens subklousule (7) van klousule 8, doen, is die volgende bepalings van toepassing:—

(*a*) Die werknemer moet die vorm in sy bydraeboekie ten opsigte van die verlof waarvoor betaling geëis word, uitskeur en onderteken, en dit by sy werkgewer twee dae voor die betaaldag inlewer wat volg op die verlof ten opsigte waarvan betaling vereis word.

(*b*) upon receipt of the form referred to in paragraph (*a*), an employer shall pay to the employee concerned the full value of the holiday fund portion of the stamps signed and affixed to the respective form, on the pay day following such holiday;

(*c*) the employer shall be entitled to recover the amount paid to an employee in terms of paragraph (*b*) provided such employer lodges the form referred to in paragraph (*a*), duly completed, with the secretary of the board before the 31st October of each year. An employer shall not be entitled to a refund of such money if an employee has no stamps signed and affixed to the form referred to in paragraph (*a*) or, if payment to the employee was in excess of the value of the holiday fund portion of the stamps. The employer shall be refunded the actual amount of the stamps only;

(*d*) any amount paid to an employee in terms of this sub-clause shall be deducted from the amount payable to an employee in terms of sub-clause (6).

(9) The fund shall not be liable to make payments in respect of any stamps issued to employees in terms of sub-clause (2) of this clause, unless such stamps are signed and affixed in the contribution book obtained from the secretary of the fund in terms of sub-clause (4) and such contribution book is deposited with the secretary of the fund before commencement of the holiday period; provided that the board may authorise the secretary of the fund to make payment to any employee who for some good reason determined by the board has not lodged his contribution book by such date.

(10) An employee shall, subject to sub-clause (7) of this clause, not be entitled to claim payment for any stamps issued to him until the day immediately preceding the commencement of the holiday period. The board, however, shall have the right to authorise such payment, if in its discretion, it is considered advisable to do so. In the case of the death of the employee, the amount due to him from the aforesaid fund shall be paid to his estate by cheque drawn in favour of such estate on his contribution book being lodged with the secretary of the fund.

(11) Contribution books and stamps issued to employees are not transferable and no moneys due in terms thereof to an employee shall be ceded or pledged.

(12) No holiday stamps shall be issued to an employee otherwise than in accordance with this clause and no employee shall be entitled to payment from the fund of any amount in excess of 49 weekly deductions in respect of any single year ending on the second Friday in November.

Signed at Johannesburg on behalf of the parties to the Building Industry (Transvaal) Holiday Fund Agreement on this 15th day of September, 1954.

F. L. A. BUCHANAN, *Chairman,*
G. DE C. MALHERBE, *Member.*
F. C. MARTIN, *Secretary.*

(*b*) By ontvangs van die vorm genoem in paragraaf (*a*) moet 'n werkgewer die betrokke werknemer die volle waarde van die verloffondsdeel van die seëls wat geteken en op die betrokke vorm geplak is, bepaal op die betaaldag wat op sodanige verlof volg.

(*c*) Die werkgewer is geregtig op terugbetaling van die bedrag wat kragtens paragraaf (*b*) aan 'n werknemer betaal is, mits sodanige werkgewer die vorm genoem in paragraaf (*a*), behoorlik ingevul, voor 31 Oktober van elke jaar by die sekretaris van die fonds inlewer. 'n Werkgewer is nie op terugbetaling van sulke gelde geregtig indien 'n werknemer geen seëls, geteken en geplak op die vorm genoem in paragraaf (*a*), het nie, of indien betaling aan 'n werknemer meer as die waarde van die verloffondsdeel van die seëls was. Aan die werkgewer moet slegs die werklike waarde van die seëls terugbetaal word.

(*d*) Enige bedrag wat aan 'n werknemer kragtens hierdie subklousule betaal word, moet van die bedrag afgetrek word wat kragtens subklousule (6) aan 'n werknemer verskuldig is.

(9) Die fonds is nie aanspreeklik vir betaling ten opsigte van enige seëls wat ooreenkomstig subklousule (2) van hierdie klousule aan werknemers uitgereik is nie, tensy daardie seëls geteken en ingeplak is in die bydraeboekie wat van die sekretaris van die fonds kragtens subklousule (4) verkry is en sodanige bydraeboekie by die sekretaris van die fonds ingedien is voor die aanvang van die verloftydperk; met dien verstande dat die raad die sekretaris van die fonds kan magtig om betaling te doen aan 'n werknemer wat om 'n goeie rede, na goeddunke van die raad, nie sy bydraeboekie teen daardie datum ingedien het nie.

(10) Behoudens subklousule (7) van hierdie klousule, is 'n werknemer nie daarop geregtig om betaling vir enige seëls wat aan hom uitgereik is, te eis voor die dag wat die aanvang van die verloftydperk onmiddellik voorafgaan nie. Die raad het die bevoegdheid om so 'n uitbetaling te magtig indien hy dit na sy mening raadsaam ag. Ingeval van die dood van die werknemer moet die bedrag wat uit voornoemde fonds aan hom verskuldig is, per tjek, wat ten gunste van sodanige boedel uitgemaak is, aan sy boedel uitbetaal word, nadat sy bydraeboekie by die sekretaris van die fonds ingelewer is.

(11) Bydraeboekies en seëls wat aan werknemers uitgereik word, is nie oordraagbaar nie, en geen gelde wat kragtens daardie bydraeboekie aan 'n werknemer verskuldig is, mag gesedeer of verpand word nie.

(12) Geen verlofseëls mag anders as ooreenkomstig hierdie klousule aan werknemers uitgereik word nie, en geen werknemers is geregtig op uitbetaling uit die fonds van enige bedrag van meer as 49 weeklikse aftrekkings ten opsigte van enige enkele jaar wat op die tweede Vrydag in November eindig nie.

Namens die partye by die Verloffondsooreenkoms vir die Bounywerheid (Transvaal) hede die 15de dag van September 1954 in Johannesburg onderteken.

F. L. A. BUCHANAN, *Voorsitter.*
G. DE C. MALHERBE, *Lid,*
F. C. MARTIN, *Sekretaris.*

✱ No. 2255.] [5 November 1954.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

APPOINTMENT OF CLAIMS OFFICER.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby, in terms of section *twenty-six* of the Unemployment Insurance Act, 1946 (Act No. 53 of 1946), appoint the officer whose name appears in the Schedule hereto, as Claims Officer with jurisdiction in the areas specified therein.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

Name of Officer.	*Area of Jurisdiction.*
Ambrose Acton Davis..	The Magisterial districts of Beaufort West, Bellville, Bredasdorp, Caledon, Calvinia, the Cape, Carnarvon, Clanwilliam, Ceres, Fraserburg, Heidelberg (Cape), Hopefield, Ladismith (Cape), Laingsburg, Malmesbury, Montagu, Namaqualand, Paarl, Piquetberg, Prince Albert, Robertson, Simonstown, Somerset West, Stellenbosch, Sutherland, Swellendam, Tulbagh, Van Rhynsdorp, Victoria West, Wellington, Williston, Worcester and Wynberg.

✱ No. 2255.] [5 November 1954.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

AANSTELLING VAN EISEBEAMPTE.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, stel hierby, kragtens die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946 (Wet No. 53 van 1946), die amptenaar wie se naam in die Bylae hiervan voorkom, as Eisebeampte aan met seggenskap in die gebiede wat daarin bepaal word.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

Naam van amptenaar.	*Gebied van seggenskap.*
Ambrose Acton Davis..	Die magistraatsdistrikte Beaufort-Wes, Bellville, Bredasdorp, Caledon, Calvinia, die Kaap, Carnarvon, Clanwilliam, Ceres, Fraserburg, Heidelberg (Kaap), Hopefield, Ladismith (Kaap), Laingsburg, Malmesbury, Montagu, Namakwaland, Paarl, Piketberg, Prins Albert, Robertson, Stellenbosch, Simonstad, Somerset-Wes, Sutherland, Swellendam, Tulbagh, Van Rhynsdorp, Victoria-West, Wellington, Williston, Worcester en Wynberg.

✱ No. 2266.] [5 November 1954.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

EXTENSION OF THE PERIODS OF OPERATION OF THE AGREEMENTS FOR THE LAUNDRY, CLEANING AND DYEING INDUSTRY, CAPE.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby, in terms of sub-section (5) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, extend to the 10th February, 1954, the periods referred to in Government Notices No. 1752 of the 1st August, 1952, and No. 1730 of the 14th August, 1953, as extended by Government Notices No. 178 of the 5th February, 1954, No. 895 of the 7th May, 1954, and No. 1624 of the 6th August, 1954.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 2271.] [5 November 1954.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

MOTOR INDUSTRY, CAPE.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Motor Industry, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending three months from the said second Monday, upon the employer's organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that trade union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 1 and 3 of the said Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending three months from the said second Monday, upon the other employers and employees engaged or employed in the said industry in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Stellenbosch, Paarl, Wellington, Somerset West (excluding the area occupied by the Cape Explosives Works, Limited, Somerset West), Beaufort West, Caledon, Ceres, Heidelberg (Cape), Malmesbury, Montagu, Piketberg, Riversdale, Robertson, Swellendam, Victoria West, Bredasdorp, Carnarvon, Clanwilliam, Fraserburg, Hopefield, Laingsburg, Ladismith, Namaqualand, Prince Albert, Sutherland, Tulbagh, Vanrhynsdorp, Williston, Worcester and Calvinia; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Stellenbosch, Paarl, Wellington, Somerset West (excluding the area occupied by the Cape Explosives Works, Limited, Somerset West), Beaufort West, Caledon, Ceres, Heidelberg (Cape), Malmesbury, Montagu, Piketberg, Riversdale, Robertson, Swellendam, Victoria West, Bredasdorp, Carnarvon, Clanwilliam, Fraserburg, Hopefield, Laingsburg, Ladismith, Namaqualand, Prince Albert, Sutherland, Tulbagh, Vanrhynsdorp, Williston, Worcester and Calvinia, and from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending three months from the said second Monday, the provisions contained in clauses 1 and 3 of the said Agreement

✱ No. 2266.] [5 November 1954.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

VERLENGING VAN TYDPERK VAN TOEPASSING VAN DIE OOREENKOMSTE VIR DIE WAS-, SKOONMAAK- EN KLEURNYWERHEID, KAAP.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verleng hiermee, kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, tot 10 Februarie 1955, die tydperke vermeld in Goewermentskennisgewing No. 1752 van 1 Augustus 1952, en No. 1730 van 14 Augustus 1953, soos verleng by Goewermentskennisgewings No. 178 van 5 Februarie 1954, No. 895 van 7 Mei 1954, en No. 1624 van 6 Augustus 1954.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 2271.] [5 November 1954.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

MOTORNYWERHEID, KAAP.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hierby verskyn en op die Motornywerheid betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat drie maande vanaf genoemde tweede Maandag eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasie of daardie vereniging is;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousules 1 en 3 van genoemde Ooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat drie maande vanaf genoemde tweede Maandag eindig, bindend is vir die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens in genoemde nywerheid in die magistraatsdistrikte Die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Stellenbosch, Paarl, Wellington, Somerset-Wes (met uitsondering van die gebied beslaan deur die Cape Explosive Works, Ltd., Somerset-Wes), Beaufort-Wes, Caledon, Ceres, Heidelberg (Kaap), Malmesbury, Montagu, Piketberg, Riversdal, Robertson, Swellendam, Victoria-Wes, Bredasdorp, Carnarvon, Clanwilliam, Fraserburg, Hopefield, Laingsburg, Ladismith, Namakwaland, Prince Albert, Sutherland, Tulbagh, Vanrhynsdorp, Williston, Worcester en Calvinia; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousules 1 en 3 van genoemde Ooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat drie maande vanaf die genoemde tweede Maandag eindig, in die magistraatsdistrikte Die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Stellenbosch, Paarl, Wellington, Somerset-Wes (met uitsondering van die gebied beslaan deur die Cape Explosives Works, Ltd., Somerset-Wes), Beaufort-Wes, Caledon, Ceres, Heidelberg (Kaap), Malmesbury, Montagu, Piketberg, Riversdal, Robertson, Swellendam, Victoria-Wes, Bredasdorp, Carnarvon, Clanwilliam, Fraserburg, Hopefield, Laingsburg, Ladismith, Namakwaland, Prince Albert, Sutherland, Tulbagh, Vanrhynsdorp, Williston, Worcester en Calvinia, *mutatis mutandis* van toepassing is ten

shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons in the said industry as are not included in the definition of the expression "employee", contained in section *one* of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY (CAPE).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into between

The South African Motor Industry Employers' Association

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organisation") of the one part, and

The Motor Industry Employees' Union of South Africa

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade union") of the other part,
being the parties to the Industrial Council for the Motor Industry (Cape).

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial Districts defined hereunder—

"Area A" means and includes the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Stellenbosch, Paarl, Wellington, and Somerset West (excluding the Area occupied by the Cape Explosives Works, Ltd., Somerset West).
"Area B" means and includes the Magisterial Districts of Beaufort West, Caledon, Ceres, Heidelberg (Cape), Malmesbury, Montagu, Piketberg, Riversdale, Robertson, Swellendam, Victoria West, Worcester, Bredasdorp, and Calvinia.
"Area C" means and includes the Magisterial Districts of Carnarvon, Clanwilliam, Fraserburg, Hopefield, Laingsburg, Ladismith, Namaqualand, Prince Albert, Sutherland, Tulbagh, Van Rhynsdorp and Williston;

by all members of the employers' organisation who are engaged in and all members of the trade union who are employed in the Motor Industry (Cape); provided that they shall apply to apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1944.

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

This Agreement shall come into operation on such date as may be fixed by the Minister of Labour in terms of section *forty-eight* of the Act, and shall remain in force for a period of THREE (3) months or such period as may be determined by him.

3. GENERAL PROVISIONS.

The provisions of sections 3 to 6 and 8 to 12 and 15 to 30 and 32 to 35 of the Agreement published under Government Notice No. 1031 dated 27th April, 1951, as amended by Government Notice No. 1496 dated 4th July, 1952, shall apply to employers and employees.

4. SPECIAL PROVISIONS.

The provisions of sections 7, 13, 14 and 31 of the Agreement published under Government Notice No. 1031 dated 27th April, 1951, as amended by Government Notice No. 1496 dated 4th July, 1952, shall apply to employers and employees.

Signed at Cape Town this 23rd Day of September, 1954.

JOHN J. E. GILL,
Chairman of the Council.

W. R. VIVIER,
Vice-Chairman of the Council.

P. JAMES RIXON,
Secretary of the Council.

✱ No. 2272.] [5 November 1954.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941.

MOTOR INDUSTRY, CAPE.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the provisions of the Agreement and notice relating to the Motor Industry, Cape, published under Government Notice No. 2271, of the 5th November, 1954, to be not less favourable to the persons whose hours of work are regulated thereby than the relative provisions of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

opsigte van persone in genoemde nywerheid wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer", vervat in artikel *een* van genoemde Wet, ingesluit is nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MOTORNYWERHEID (KAAP).

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gemaak deur en aangegaan tussen die

S.A. Motor Industry Employers' Association

(hieronder genoem „die werkgewers" of „die werkgewersorganisasie") aan die een kant, en die

Motor Industry Employees' Union of S.A.

(hieronder genoem „die werknemers" of „die vakvereniging") aan die ander kant,
wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Motornywerheid (Kaap).

1. BESTEK VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet nagekom word in die magistraatsdistrikte wat hieronder omskryf word—

any person who shall appear to the medical officer or to his authorised assistant to be suffering from or to have been exposed to the infection of any infectious or contagious disease may, by order of the medical officer, be removed to such place either within or beyond the camp as the Council may appoint for receiving such persons and may by a like order be therein detained until such time as, in the opinion of the medical officer, he shall be free from infection.

Right of Entry by Superintendent and Other Officers.

24. The superintendent and any officer appointed in terms of sub-section (3) of section *twenty-two* of the Act, may, at any reasonable time, having regard to the convenience of the occupants, enter any dwelling or site in the camp for inspection purposes.

Reporting of Births and Deaths.

25. The registered occupier of any site on which a birth or death occurs or, in the case of his death or incapacity, the eldest adult resident on such site, shall forthwith report such birth or death to the superintendent and furnish him with all the relevant particulars necessarily required for the proper completion of the register of occupiers.

Information to be Supplied.

26. For the purposes of enabling the superintendent to keep the register of occupiers, it shall be the duty of every inhabitant of the camp to give the superintendent such information as he may require.

Public Meetings, Assemblies and Entertainments.

27. (1) Subject to the provisions of any other law, every person who proposes to convene or address a public meeting or assembly of persons in the camp shall notify the superintendent at least 72 hours beforehand of the arrangements made for such meeting or assembly; provided that the superintendent may in his discretion accept shorter notice.

(2) No public meeting or entertainment in the camp shall be continued later than 11 p.m. without the approval of the superintendent, nor shall any public meeting or entertainment in the camp be continued later than any extended time to which permission has been granted by the superintendent.

(3) No person shall, without the prior written approval of the superintendent, collect any money for other than bona fide church purposes from the persons present at any public meeting or assembly in the camp.

(4) If there be reasonable ground for believing that the holding of any meeting or assembly in the camp might provoke or tend to a breach of the peace, such meeting or assembly may, with the special approval of the local Magistrate given after reference to the local police officer, be prohibited.

(5) Nothing in this regulation contained shall apply to any meeting or assembly for bona fide wedding, funeral and church purposes.

Obstruction of Officials.

28. No person shall obstruct the superintendent or other employee of the Council or any officer appointed in terms of sub-section (3) of section *twenty-two* of the Act, in the execution of his duty.

Keeping of Animals.

29. No person shall keep any dog, horse, cow, mule, donkey, goat, pig, poultry, or other form of livestock in the camp save with the written permission of the superintendent who may grant or refuse any application for such permission.

Obstruction of Traffic and Persons.

30. No person shall sit, lie, stand, loiter or congregate in, or in any other manner encumber any street, road or public place within the camp so as to obstruct traffic or jostle or otherwise interfere with any person lawfully using such street, road or public place.

enige persoon wat by die mediese beampte of sy gemagtigde assistent die indruk wek dat hy aan enige aansteeklike of besmetlike siekte ly of aan die besmetting daarvan blootgestel was, kan op las van die mediese beampte verwyder word na sodanige plek binne of buite die kamp as wat die Raad aanwys vir die opneming van sodanige persone, en kan deur 'n soortgelyke bevel daar aangehou word totdat hy, volgens die oordeel van die mediese beampte, vry van besmetting is.

Superintendent en ander amptenare het reg op toegang.

24. Die superintendent en enige amptenaar wat kragtens subartikel (3) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet aangestel is, kan op enige redelike tyd, met inagneming van die gerief van die bewoners, 'n woning of perseel in die kamp vir inspeksiedoeleindes binnegaan.

Geboortes en sterfgevalle moet aangemeld word.

25. Die geregistreerde bewoner van 'n perseel waarin 'n geboorte of sterfgeval plaasvind, of, in geval van sy dood of ongeskiktheid, die oudste volwasse bewoner van sodanige perseel, moet dadelik sodanige geboorte of sodanige sterfgeval by die superintendent aanmeld en aan hom al die vereiste besonderhede verstrek wat nodig is vir die behoorlike invul van die register van bewoners.

Inligting moet verstrek word.

26. Ten einde die superintendent in staat te stel om die register van bewoners te hou, is dit die plig van elke bewoner van die kamp om aan die superintendent sodanige inligting te verstrek as wat hy verlang.

Openbare vergaderings, byeenkomste en vermaaklikhede.

27. (1) Behoudens die bepalings van enige ander wet moet enigeen wat voornemens is om 'n openbare vergadering of byeenkoms in die kamp te belê of toe te spreek, die superintendent minstens 72 uur vooraf in kennis stel van die reëlings wat vir sodanige vergadering of byeenkoms getref is; met dien verstande dat die superintendent na goeddunke korter kennisgewing kan aanvaar.

(2) Geen openbare vergadering of vermaaklikheid in die kamp mag later as 11 nm. sonder die goedkeuring van die superintendent voortgesit word nie, ook mag geen openbare vergadering of vermaaklikheid in die kamp later as die verlengde tyd wat deur die superintendent goedgekeur is, voortgesit word nie.

(3) Niemand mag, sonder dat die skriftelike goedkeuring van die superintendent vooraf verkry is, van die persone wat by 'n openbare vergadering of byeenkoms in die kamp aanwesig is, geld, behalwe vir *bona fide* kerkdoeleindes, kollekteer nie.

(4) Indien daar redelike grond bestaan om te vermoed dat die hou van 'n vergadering of byeenkoms in die kamp 'n rusverstoring kan veroorsaak of daartoe kan lei, kan sodanige vergadering of byeenkoms met die spesiale goedkeuring van die plaaslike magistraat, nadat hy oorleg gepleeg het met die plaaslike polisiebeampte, verbied word.

(5) Geen bepaling van hierdie regulasie is op 'n vergadering of byeenkoms vir *bona fide* bruilofs-, begrafnis- en kerkdoeleindes van toepassing nie.

Belemmering van werk van beamptes.

28. Niemand mag die superintendent of 'n ander werknemer van die Raad of 'n amptenaar ingevolge subartikel (3) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet aangestel, in die uitvoering van sy plig hinder nie.

Aanhou van diere.

29. Niemand mag 'n hond, perd, koei, muil, donkie, bok, vark, pluimvee of enige ander lewende hawe in die kamp aanhou nie, uitgesonderd met die skriftelike toestemming van die superintendent wat die aansoek om sodanige toestemming kan toestaan of weier.

Belemmering van verkeer en persone.

30. Niemand mag in 'n straat, pad of openbare plek binne die kamp sit, lê, staan, drentel of vergader of op 'n ander wyse sodanige straat, pad of openbare plek versper sodat die verkeer belemmer word of teen iemand wat van sodanige straat, pad of openbare plek wettiglik gebruik maak, stamp of so 'n persoon andersins lastig val nie.

Damage to Fences.

31. No person shall, unless authorised thereto by the Council, climb over or through any fence, wall or gate enclosing the camp or wilfully damage or interfere therewith.

Disturbance of the Public Peace.

32. No person shall disturb the public peace by shouting, wrangling, quarrelling, swearing, or by using obscene, abusive, insulting or threatening language, or by unseemly, disorderly or violent behaviour in any street, road or public place or in any private dwelling or premises within the camp.

Defecating or Urinating in Streets.

33. No person shall defecate or urinate in any street, road, lane, sidewalk, footpath, open space or public place in the camp, other than in the proper place provided for the purpose in a lavatory or urinal.

Disturbance of Surface of Soil.

34. No person shall in any way dig into or remove or disturb the surface of the soil in the camp except in such areas as may be designated by the superintendent.

Tariff of Rents and Charges.

35. Every registered occupier shall pay to the Council, monthly in advance, at the office of the superintendent, the sum of 10s. (ten shillings) per month or part of a month, as an inclusive charge to cover rent for the use of the site occupied by him and in respect of the provision by the Council of the services provided in the camp.

Appeal.

36. (1) Any Native who has been refused a site permit by the superintendent and any inhabitant of the camp aggrieved by any action or decision of the superintendent or other official of the Council charged with the administration of these regulations, may within fourteen days of the date of such refusal, action or decision appeal to the Native Commissioner against such refusal, action or decision. After due inquiry, at which the superintendent or other official of the Council shall be entitled to be heard in support of his action, the Native Commissioner may (i) order such superintendent or other official of the Council to grant the appellant facilities under these regulations if it appears that such have been unreasonably withheld, or (ii) make such other order as may be deemed fit.

(2) A further right of appeal shall lie by way of affidavit to the Chief Native Commissioner having jurisdiction whose decision shall be final: Provided that such appeal is noted within fourteen days of the decision of the Native Commissioner.

CHAPTER 3.

TRADING.

Definitions.

1. In this Chapter, unless the context indicates otherwise—

"Native" includes an association of Natives other than a company incorporated and registered under the Companies Act, 1926 (Act No. 46 of 1926), the interest wherein is held exclusively by and the control whereof is vested exclusively in Natives;

"trader" means any person to whom a trading site has been allocated in terms of this Chapter;

"trading site" means a trading site, table, stand, stall or premises referred to in regulation 3;

"undertaking" means any trade, business or occupation carried on by a trader on any trading site.

Beskadiging van omheining.

31. Niemand mag, tensy hy behoorlik deur die Raad daartoe gemagtig is, oor of deur 'n omheining, muur of hek wat die kamp inkamp, klim of dit moedswilliglik beskadig of hom daarmee bemoei nie.

Openbare rusverstoring.

32. Niemand mag in 'n straat, pad of openbare plek of in 'n private woning of perseel binne die kamp die openbare rus verstoor deur te skreeu, rusie te maak, te twis, te vloek of vuil, beledigende, dreigende of skeldtaal te gebruik of deur onbetaamlike, wanordelike of geweldadige gedrag nie.

Ontlasting of urinering in strate.

33. Niemand mag homself ontlas of urineer in 'n straat, pad, deurgang, sypaadjie, voetpad, oop ruimte of openbare plek in die kamp, op 'n ander plek as die behoorlike plek wat vir die doel verskaf is in 'n latrine of urinoir nie.

Verstoring van die oppervlakte van die grond.

34. Niemand mag op enige wyse in die oppervlakte van die grond in die kamp grawe, dit verwyder of verstoor nie behalwe in die gebiede aangewys deur die superintendent.

Tarief van huurgelde en koste.

35. Elke geregistreerde bewoner moet maandeliks by die kantoor van die superintendent aan die Raad die bedrag van 10s. (tien sjielings) per maand of gedeelte van 'n maand vooruitbetaal as 'n insluitende bedrag as huur vir die gebruik van die perseel deur hom bewoon en ten opsigte van dienste deur die Raad in die kamp gelewer.

Appèl.

36. (1) Enige Naturel wie se aansoek om 'n perseelpermit deur die superintendent geweier is en elke bewoner van die kamp wat gegrief is deur enige optrede of besluit van die superintendent of ander beampte van die Raad aan wie die administrasie van hierdie regulasies opgedra is, kan binne veertien dae na die datum van sodanige weiering, optrede of besluit teen sodanige weiering, optrede of besluit by die Naturellekommissaris appèl aanteken. Nadat behoorlike ondersoek ingestel is, waarby die superintendent of ander beampte van die Raad geregtig is om sy optrede te regverdig, kan die Naturellekommissaris (i) sodanige superintendent of ander beampte van die Raad gelas om geriewe ingevolge hierdie regulasies aan die appellant toe te staan, as dit blyk dat sodanige fasiliteite sonder goeie rede geweier is, of (ii) 'n ander bevel na goeddunke uitreik.

(2) Daar kan ook verder by wyse van beëdigde verklaring geappelleer word by die Hoofnaturellekommissaris met regsbevoegdheid, wie se beslissing finaal is: Met dien verstande dat sodanige appèl binne veertien dae na die besluit van die Naturellekommissaris aangeteken word.

HOOFSTUK 3.

HANDEL.

Woordomskrywing.

1. In hierdie hoofstuk, tensy strydig met die sinsverband, beteken—

„handelaar", enigeen aan wie 'n handelsperseel ingevolge hierdie hoofstuk toegeken is;

„handelsperseel", 'n handelsperseel, tafel, kraampie, stalletjie of gebou vermeld in regulasie 3;

„Naturel", ook 'n vereniging van Naturelle, uitgesonderd 'n maatskappy geïnkorporeer en geregistreer ingevolge die Maatskappywet, 1926 (Wet No. 46 van 1926), en ten opsigte waarvan die belange daarin of beheer daaroor uitsluitlik deur Naturelle gehou word of by Naturelle berus;

„onderneming", enige handel, besigheid of beroep wat deur 'n handelaar op 'n handelsperseel gedryf of uitgeoefen word.

Hawking and Peddling.

2. (1) No person shall act as a hawker or pedlar or trade or exhibit his wares in either capacity in the camp.

(2) No person shall, without the prior approval of the superintendent, canvass or solicit orders within the camp for any undertaking not conducted in the camp.

Trading Sites.

3. (1) The Council may set aside sites, tables, stands or stalls or acquire or erect buildings in the camp for the carrying on by Natives of any undertaking.

(2) The Council may fix the size of any trading site: Provided that where it is intended that the trader erect his own buildings on a trading site, the area of such site shall be not less than 1,250 square feet.

Places of Trade.

4. No person shall carry on any undertaking in the emergency camp except on a trading site allocated to him for the purpose by the Council: Provided that nothing herein contained shall absolve any person from obtaining any licence or other authority which is required by any other law as a condition precedent to the commencement of any such undertaking.

Allocation of Trading Sites.

5. No trading site shall be allocated to any person who is not a Native nor shall any trader employ a non-Native on any trading site.

Available Trading Sites to be Advertised.

6. (1) Whenever a trading site becomes available for allocation a notice inviting applications for the allocation of such site shall be posted up by the superintendent at his office.

(2) The notice referred to in sub-regulation (1) shall specify a closing date not less than seven days from the date of posting before which applications shall be lodged.

Form of Application.

7. No application for the allocation of a trading site shall be considered unless it is made in writing.

Selection of Applicants.

8. As soon as possible after the closing date referred to in regulation 6 all applications for the allocation of trading sites received shall be submitted to the Council which may decide to which applicant the site shall be allocated in terms of regulation 4: Provided that the Council shall not be bound to select any applicant and may direct that a further notice in terms of regulation 6 be published calling for fresh applications. The decision of the Council shall be notified to each applicant.

Business Hours.

9. The business hours in the camp shall be the same as those prescribed in terms of or under the law in force in the Province in respect of shop hours.

Limitation of Trader's Interest.

10. No person shall have any direct or indirect pecuniary interest in more than one trading site in the camp. For the purpose of this regulation pecuniary interest shall include participation in the profits of a partnership, where such partnership has been authorised to carry on any undertaking in terms of this Chapter.

Disclosure of Interest in Trading Site.

11. Any person who advances money to another to enable such latter person to commence or carry on any undertaking or who, not being a trader, acquires or holds any interest whatever in an undertaking shall forthwith disclose such fact to the Council.

Smousery en ventery.

2. (1) Niemand mag as 'n smous of venter in die kamp optree of handel dryf of sy ware in enigeen van hierdie hoedanighede in die kamp uitstal nie.

(2) Niemand mag binne die kamp, sonder die vooraf-gaande goedkeuring van die superintendent, vir enige onderneming wat nie in die kamp gedryf word nie, bestellings werf of daarom versoek nie.

Handelspersele.

3. (1) Die Raad kan persele, tafels, kraampies of stalletjies in die kamp afsonder of geboue daarin verkry of oprig sodat Naturelle 'n onderneming daarop of daarin kan uitoefen.

(2) Die Raad kan die grootte van 'n handelsperseel bepaal: Met dien verstande dat waar dit die bedoeling is dat 'n handelaar sy eie geboue op 'n handelsperseel oprig, die oppervlakte van sodanige perseel minstens 1,250 vierkante voet moet wees.

Handelsplekke.

4. Niemand mag 'n onderneming in die noodkamp uitoefen nie uitgesonderd op 'n handelsperseel wat deur die Raad aan hom vir daardie doel toegeken is: Met dien verstande dat geen bepaling hierin vervat enigeen vrystel van die verkryging van 'n lisensie of ander magtiging wat kragtens enige ander wet vereis word as 'n voorwaarde voordat met sodanige onderneming 'n aanvang gemaak mag word nie.

Toekenning van handelspersele.

5. Geen handelsperseel mag aan iemand anders as 'n Naturel toegeken word nie en 'n handelaar mag ook nie op 'n handelsperseel 'n nie-Naturel in diens neem nie.

Beskikbare handelspersele moet geadverteer word.

6. (1) Indien 'n handelsperseel vir toekenning beskikbaar word, word 'n kennisgewing waarin aansoeke om die toekenning van sodanige perseel gevra word, deur die superintendent by sy kantoor aangeplak.

(2) Die kennisgewing vermeld in subregulasie (1) moet 'n sluitingsdatum vir die indiening van aansoeke aandui, naamlik minstens sewe dae na die datum waarop die kennisgewing aangeplak is.

Vorm van aansoek.

7. Geen aansoek om die toekenning van 'n handelsperseel word oorweeg nie tensy dit skriftelik gedoen is.

Keuring van applikante.

8. So gou doenlik na die sluitingsdatum vermeld in regulasie 6 word alle aansoeke om die toekenning van handelspersele wat ontvang is, aan die Raad deurgestuur wat kan besluit aan watter applikant die perseel ooreenkomstig regulasie 4 toegeken moet word: Met dien verstande dat die Raad nie verplig is om enige applikant uit te kies nie en kan beveel dat 'n verdere kennisgewing wat om nuwe aansoeke vra, ooreenkomstig regulasie 6 gepubliseer word. Die besluit van die Raad word aan elke applikant meegedeel.

Besigheidsure.

9. Die besigheidsure in die kamp is dieselfde as dié wat voorgeskryf is ooreenkomstig of kragtens die wet wat in die provinsie van krag is ten opsigte van winkelure.

Beperking van belang van handelaar.

10. Niemand mag 'n regstreekse of onregstreekse geldelike belang in meer as een handelsperseel in die kamp hê nie. Vir doeleindes van hierdie regulasie omvat geldelike belang deelhebbing in die winste van 'n vennootskap indien so 'n vennootskap gemagtig is om enige onderneming ooreenkomstig hierdie Hoofstuk te dryf of uit te oefen.

Bekendmaking van belang in handelsperseel.

11. Enigeen wat geld aan 'n ander voorskiet om so iemand in staat te stel om 'n onderneming te begin of te dryf of wat, as hy nie 'n handelaar is nie, 'n belang van watter aard ook al in 'n onderneming verkry of hou, moet dit onverwyld aan die Raad bekendmaak.

Use of Sites and Buildings.

12. No trader shall use or cause or permit to be used any trading site or any buildings or structure thereon for any purpose other than that for which it was allocated to him by the Council.

Management.

13. (1) Every trader shall personally carry on his undertaking and supervise the work of his assistants, if any: Provided that the superintendent may permit any trader to be absent for a specified period not exceeding ninety days, during which a substitute approved in writing by the superintendent may carry on the undertaking.

(2) All traders and their assistants shall, when required by the superintendent, submit themselves to medical examination by the medical officer, which examination shall be free of charge to such trader or assistant. Any such trader or assistant certified by the medical officer to be suffering from any infectious or contagious disease shall be prohibited by the superintendent from being employed on any trading site or handling any foodstuffs thereon until he has obtained a certificate from the medical officer to the effect that he is no longer suffering from such disease.

Erection and Alteration of Buildings.

14. (1) Except where the Council has erected the necessary buildings the successful applicant for a trading site shall fence the site to the satisfaction of the superintendent and erect thereon the buildings or other structures necessary for his undertaking, including adequate sanitary accommodation to the satisfaction of the medical officer.

(2) No building or structure shall be erected and no alterations or additions to any existing buildings or structures shall be made by a trader unless and until he has submitted to the superintendent plans showing details of the buildings or structures to be erected or the alterations or additions to be made, and such plans have been approved by the medical officer and the town engineer of the Council.

(3) Any building erected on a trading site or any alteration or addition to an existing building thereon which is not in accordance with plans and specifications approved by the medical officer and the town engineer of the Council may be demolished or suitably altered by the Council at the expense of the trader.

(4) The trader shall keep any building erected by him or acquired by him from another trader in a good state of repair and cleanliness.

(5) Where any trader desires an addition or alteration to any building erected on a trading site by the Council, he shall make application therefor to the Council. The Council shall not be bound to make any such addition or alteration, the carrying out of which shall be in its discretion.

Maintenance of Council's Buildings.

15. The Council shall be responsible for maintaining the outside of any building owned by it and the trader occupying it shall maintain the interior of the building in a good state of repair and cleanliness.

Cleanliness.

16. Every trader shall take all reasonable steps to ensure that at all times his trading premises and all utensils and equipment used in his undertaking are in a clean and hygienic condition and that he and all persons employed on his trading premises are in a proper state of cleanliness.

Keeping of Animals.

17. No trader shall, without the permission of the superintendent, cause or permit to be kept or housed on the trading site any animal other than a cat.

Gebruik van perseel en geboue.

12. 'n Handelaar mag nie 'n handelsperseel of geboue of bouwerk daarop vir enige ander doel as dié waarvoor dit deur die Raad aan hom toegeken is, gebruik of laat gebruik of toelaat dat dit aldus gebruik word nie.

Bestuur.

13. (1) Elke handelaar moet persoonlik sy onderneming dryf en toesig hou oor die werk van sy assistente, as daar is: Met dien verstande dat die superintendent enige handelaar kan toelaat om afwesig te wees vir 'n gegewe tydperk van hoogstens negentig dae waarin 'n plaasvervanger wat skriftelik deur die superintendent goedgekeur is, die onderneming kan dryf.

(2) Wanneer die superintendent dit verlang, moet alle handelaars en hul assistente hulself aan mediese ondersoek deur die mediese beampte onderwerp. Dié ondersoek geskied kosteloos vir sodanige handelaar of assistent. So 'n handelaar of assistent van wie die mediese beampte sertifiseer dat hy aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly, moet deur die superintendent verbied word om op enige handelsperseel in diens te wees of om eetware daarop te hanteer totdat hy 'n sertifikaat van die mediese beampte verkry het met die strekking dat hy nie meer aan die siekte ly nie.

Oprigting en verandering van geboue.

14. (1) Behalwe as die Raad die nodige geboue opgerig het, moet elke suksesvolle applikant om 'n handelsperseel die perseel tot tevredenheid van die superintendent omhein en die geboue of ander bouwerk, insluitende genoegsame sanitêre akkommodasie tot tevredenheid van die mediese beampte, wat vir sy onderneming nodig is, daarop oprig.

(2) Geen gebou of bouwerk mag deur 'n handelaar opgerig word en geen veranderings of toevoegings mag deur hom aan bestaande geboue of bouwerke aangebring word nie tensy hy planne wat besonderhede aantoon van die geboue of bouwerke wat opgerig gaan word of van die veranderings of toevoegings wat aangebring gaan word, by die superintendent ingedien het en sodanige planne deur die mediese beampte en die stadsingenieur van die Raad goedgekeur is.

(3) Enige gebou wat op 'n handelsperseel opgerig is of enige verandering of toevoeging wat aan 'n bestaande gebou daarop aangebring is maar nie in ooreenstemming met planne en spesifikasies deur die mediese beampte en die stadsingenieur van die Raad goedgekeur nie, kan deur die Raad op koste van die handelaar gesloop of op geskikte wyse verander word.

(4) Die handelaar moet alle geboue deur hom opgerig of van 'n ander handelaar verkry, in 'n goeie toestand en skoon hou.

(5) As 'n handelaar verlang dat 'n toevoeging of verandering aan 'n gebou wat deur die Raad op 'n handelsperseel opgerig is, aangebring word, moet hy daarom aansoek doen by die Raad. Die Raad is nie verplig om so 'n toevoeging of verandering aan te bring nie maar kan dit na goeddunke doen.

Instandhouding van Raad se geboue.

15. Die Raad is verantwoordelik vir die instandhouding van die buitekant van enige gebou wat hy besit en die handelaar wat dit okkupeer moet die binnekant daarvan in 'n goeie toestand en skoon hou.

Sindelikheid.

16. Elke handelaar moet alle redelike stappe doen om seker te maak dat sy handelsperseel en alle gereedskap en uitrusting wat in verband met sy onderneming gebruik word, op alle tye in 'n skoon en higiëniese toestand is en dat hy en alle persone wat op sy handelsperseel in diens is, behoorlik skoon is.

Aanhou van diere.

17. 'n Handelaar mag nie, behalwe met die vergunning van die superintendent, 'n dier, uitgesonderd 'n kat, op die handelsperseel laat aanhou of huisves of toelaat dat dit aangehou of gehuisves word nie.

Keeping of Inflammable Material.

18. No trader shall, without the permission of the superintendent, cause or permit to be kept or stored inside any building on the trading site any wood, coal, paraffin or other inflammable material.

Damage to Trading Site.

19. (1) The trader shall, if required by the Council, insure to the satisfaction of the Council, the buildings on the trading site allocated to him including fixtures, furniture and fittings, against loss or damage by fire, burglary or theft and shall cede such policy to the Council.

(2) The Council shall not be responsible for any damage done to the trader's stock, books, papers or other effects, by rain, wind, hail, lightning, stormwater or fire or by reason of riot, strike, the Queen's enemies or through any other cause of a like nature, in respect of buildings erected by the Council for allocation to traders. Any essential repairs to the building concerned necessitated by such causes shall be effected by the Council within a reasonable period after the receipt of notification from the trader that such repairs are necessary.

Prohibition against Sub-letting.

20. No trader shall sub-let the trading site allocated to him or any building thereon or any portion of such site or building without the written consent of the Council.

Disposal of Trading Rights.

21. No trader shall dispose of his trading rights to any person other than a Native approved by the Council.

Notification of Discontinuance of Trade.

22. Where any trader intends to abandon the undertaking carried on by him on any trading site, he shall give reasonable notice of such intention to the superintendent, which notice shall state the date of abandonment.

Cancellation of Allocation of Trading Sites.

23. (1) The Council may by giving one month's written notice to the trader cancel the allocation of his trading site for any of the following reasons, where the trader—

(*a*) absents himself from the trading site for a period of more than sixty consecutive days without the permission of the superintendent; or

(*b*) fails without good reason for a period of sixty consecutive days personally to manage the undertaking carried on by him on the trading site; or

(*c*) dies or is declared of unsound mind by a competent court; or

(*d*) has his estate sequestrated or assigned; or

(*e*) has been convicted—

(i) of an offence against the laws for the prevention of illicit dealing in or possession of precious metals, or precious stones or relating to the supply or possession of dagga or intoxicating liquor; or

(ii) of a second or subsequent offence against the provisions of the trading or licensing by-laws of the Council for the time being in force or of any of the provisions of this Chapter; or

(*f*) fails to pay any sum for which he is liable in terms of regulation 24 on or before the 21st day of the month in which it becomes due or payable; or

(*g*) secured such allocation by making a false, incorrect or misleading statement material to such allocation, knowing such statement to be false, incorrect or misleading:

Provided that in the circumstances mentioned in paragraphs (*c*) and (*d*) the notice shall be given to the executor, curator or trustee.

Aanhou van ontvlambare materiaal.

18. Geen handelaar mag, sonder die vergunning van die superintendent, enige hout, steenkool, paraffien of ander ontvlambare materiaal binne enige gebou op die handelsperseel laat aanhou of bêre of toelaat dat dit aldaar aangehou of gebêre word nie.

Skade aan handelsperseel.

19. (1) Wanneer die handelaar deur die Raad daartoe versoek word, moet hy die geboue op die handelsperseel wat aan hom toegeken is, insluitende uitrusting, meubels en toebehore, tot tevredenheid van die Raad teen verlies of beskadiging deur brand, inbraak of diefstal verassureer en die polis aan die Raad sedeer.

(2) Die Raad is nie ten opsigte van geboue wat deur die Raad opgerig is vir toekenning aan handelaars aanspreeklik vir enige skade wat aan die handelaar se voorraad, boeke, papiere of ander besittings aangerig word deur reën, wind, hael, weerlig, vloedwater of brand of weens oproer, stakings, die Koningin se vyande of deur enige ander soortgelyke oorsaak nie. Enige noodsaaklike herstelwerk aan die betrokke gebou wat uit sodanige oorsake ontstaan, moet binne 'n redelike tydperk nadat kennisgewing van die handelaar ontvang is dat sodanige herstelwerk nodig is, deur die Raad uitgevoer word.

Verbod op onderverhuur.

20. Geen handelaar mag sonder die skriftelike goedkeuring van die Raad, die handelsperseel wat aan hom toegeken is, of enige gebou daarop, of enige deel van so 'n perseel of gebou onderverhuur nie.

Vervreemding van handelsregte.

21. Geen handelaar mag sy handelsregte aan 'n ander persoon as 'n Naturel wat deur die Raad goedgekeur is, vervreem nie.

Kennisgewing dat handel beëindig word.

22. As 'n handelaar voornemens is om die onderneming wat deur hom op 'n handelsperseel gedryf word, op te gee, moet hy redelike kennis van sodanige voorneme aan die superintendent gee en die kennisgewing moet die datum waarop die onderneming opgegee sal word, aandui.

Intrekking van toekennings van handelspersele.

23. (1) As die handelaar—

(*a*) vir 'n tydperk van langer as sestig agtereenvolgende dae van die handelsperseel afwesig is sonder dat hy die goedkeuring van die superintendent verkry het; of

(*b*) sonder goeie rede versuim om die onderneming wat deur hom op die handelsperseel gedryf word, vir 'n tydperk van sestig agtereenvolgende dae persoonlik te bestuur; of

(*c*) doodgaan of volgens die verklaring van 'n bevoegde hof nie by sy volle verstand is nie; of

(*d*) sy boedel laat sekwestreer of afstand daarvan doen; of

(*e*) veroordeel word—

(i) weens 'n oortreding van die wette met betrekking tot die verbod op die onwettige handel in of besit van edelmetale of edelgesteentes of met betrekking tot die verskaffing of besit van dagga of bedwelmende drank; of

(ii) weens 'n tweede of daaropvolgende oortreding van die handels- of lisensiëringsverordeninge van die Raad wat op daardie tydstip van krag is of van die bepalings van hierdie Hoofstuk; of

(*f*) versuim om enige bedrag waarvoor hy ingevolge regulasie 24 aanspreeklik is op of voor die 21ste dag van die maand waarin dit verskuldig of betaalbaar word, te betaal; of

(*g*) die toekenning verkry het deur 'n valse, onjuiste of misleidende verklaring te maak wat die wesentlik sodanige toekenning raak, wetende dat dit vals, onjuis of misleidend is,

kan die Raad na skriftelike kennisgewing van een maand aan die handelaar, die toekenning van sy handelsperseel intrek: Met dien verstande dat onder die omstandighede in paragrawe (*c*) en (*d*) genoem, die kennis aan die eksekuteur, kurator of trustee gegee moet word.

(2) Should the allocation of a trading site on which a trader has erected or acquired any buildings or improvements be cancelled under this regulation, such person shall have the right, before the date of coming into operation of such cancellation, to remove such improvements or to dispose of such improvements to a purchaser approved by the Council: Provided that such person shall have the right to sell such improvements to the Council at a price, in default of agreement, to be determined by the Native Commissioner: Provided further that in the event of the cancellation of the allocation of a trading site in terms of paragraphs (*c*) and (*d*) of sub-regulation (1) the person by law entitled to administer the deceased, sequestrated or assigned estate shall have the same right under this sub-regulation in respect of the removal or disposal of improvements as the deceased or person whose estate has been sequestrated or assigned.

(3) In the event of the failure, neglect or refusal by the person entitled thereto to avail himself of the right set out in sub-regulation (2), the Council may dispose of such person's interest in any such improvements in the manner prescribed in sub-regulation (3) of regulation 12 of Chapter 2, the provisions of which sub-regulation shall *mutatis mutandis* apply.

Rentals.

24. The following rentals which shall include water consumed on, refuse removed from and sanitary services rendered to the trading site by the Council, shall be paid monthly in advance on or before the seventh day of each month at the office of the superintendent, for a trading site allocated in terms of these regulations:—

(*a*) For a trading site on which no buildings have been erected by the Council, £2 per month or part thereof.

CHAPTER 4.

Native Advisory Board.

Number of Members.

1. There shall be established for the camp an advisory board which shall consist of four members elected by the registered occupiers as hereinafter provided and two members appointed by the Council: Provided that, should the registered occupiers fail duly to nominate and elect the required number of members in respect of any election held in terms of these regulations, the Council may appoint as members of the advisory board the required number of persons and such persons shall then be deemed to have been elected: Provided further that any advisory board constituted under the regulations repealed by regulation 2 of Chapter 5 and in existence at the date of promulgation of these regulations, shall be deemed to have been constituted under these regulations.

Chairman.

2. The Council shall appoint one of its members or some other European conversant with Native Affairs as chairman of the advisory board. The chairman shall preside at meetings of the advisory board and generally act in an advisory capacity in regard to it, but shall not have a vote. In the absence of the chairman from any meeting, the superintendent shall preside thereat and perform all the functions and duties of the chairman in connection with such meetings.

Notice of Nomination.

3. The superintendent shall annually, not later than the third day of September, convene a meeting of the registered occupiers for the purposes of explaining to them these regulations and of calling for the nomination of candidates for the election of members of the advisory board for the ensuing twelve months from the 1st October to 30th September, of which meeting public notice shall be given by posting a notice thereof during August on the notice board at the office of the Council and in some conspicuous place in the camp for a period of not less than fourteen days.

(2) Ingeval die toekenning van 'n handelsperseel waarop 'n handelaar enige geboue of verbeterings aangebring of verkry het, ingevolge hierdie regulasie ingetrek word, het so 'n persoon die reg om voor die datum waarop sodanige intrekking in werking tree, sodanige verbeterings te verwyder of om dit aan 'n koper wat deur die Raad goedgekeur is, te verkoop: Met dien verstande dat so 'n persoon die reg het om sodanige verbeterings aan die Raad te verkoop teen 'n prys wat, by ontstentenis van 'n ooreenkoms, deur die Naturellekommissaris vasgestel word: Voorts met dien verstande dat ingeval die toekenning van 'n handelsperseel ingevolge paragrawe (*c*) en (*d*) van subregulasie (1) ingetrek word, die persoon wat by wet daartoe geregtig is om die bestorwe, gesekwestreerde of afgestane boedel te beredder, dieselfde reg ingevolge hierdie subregulasie ten opsigte van die verwydering of verkoop van verbeterings het as die oorledene of die persoon wie se boedel gesekwestreer of afgestaan is.

(3) Ingeval die persoon wat daartoe geregtig is, versuim, nalaat of weier om van die reg wat in subregulasie (2) uiteengesit word, gebruik te maak, kan die Raad sodanige persoon se belang in sodanige verbeterings van die hand sit op die wyse voorgeskryf in subregulasie (3) van regulasie 12 van Hoofstuk 2 en die bepalings van genoemde subregulasie is *mutatis mutandis* van toepassing.

Huurgelde.

24. Die volgende huurgelde waarby ingesluit is die water verbruik op, die afval verwyder van en sanitêre dienste gelewer aan die handelsperseel deur die Raad, word maandeliks op of voor die sewende dag van elke maand by die kantoor van die superintendent vooruitbetaal ten opsigte van 'n handelsperseel wat ingevolge hierdie regulasies toegeken word:—

(*a*) Ten opsigte van 'n handelsperseel waarop geen geboue deur die Raad opgerig is nie, £2 per maand of gedeelte daarvan.

HOOFSTUK 4.

Adviserende Naturellekomitee.

Getal lede.

1. Vir die kamp word 'n adviserende komitee ingestel wat bestaan uit vier lede gekies deur die geregistreerde bewoners soos hieronder bepaal en twee lede deur die Raad aangestel: Met dien verstande dat, as die geregistreerde bewoners nie die vereiste getal lede ten opsigte van 'n verkiesing wat ooreenkomstig hierdie regulasies gehou word, behoorlik nomineer en kies nie, die Raad die vereiste getal persone as lede van die adviserende komitee kan aanstel en sulke persone word dan beskou as gekies: Voorts met dien verstande dat enige adviserende komitee wat ingestel is ingevolge die regulasies ingetrek deur regulasie 2 van Hoofstuk 5 en wat op die datum van afkondiging van hierdie regulasies bestaan, geag word ingevolge hierdie regulasies saamgestel te wees.

Voorsitter.

2. Die Raad moet een van sy lede of 'n ander blanke persoon wat met Naturellesake vertroud is, as voorsitter van die adviserende komitee aanstel. Die voorsitter moet by vergaderings van die adviserende komitee voorsit en in die algemeen in 'n adviserende hoedanigheid optree, maar hy het geen stem nie. By afwesigheid van die voorsitter by 'n vergadering, moet die superintendent as voorsitter optree en al die funksies en pligte van die voorsitter in verband met so 'n vergadering verrig.

Kennisgewing van nominasies.

3. Die superintendent moet jaarliks, nie later as die derde dag van September nie, 'n vergadering van die geregistreerde bewoners belê met die doel om hierdie regulasies aan hulle te verduidelik en om nominasies te vra vir die verkiesing van lede van die adviserende komitee vir die daaropvolgende twaalf maande van 1 Oktober tot 30 September, en kennis van sodanige vergadering moet in die openbaar gegee word deur gedurende Augustus 'n kennisgewing op die kennisgewingbord by die kantoor van die Raad en op 'n in die oog lopende plek in die kamp aan te bring vir 'n tydperk van minstens veertien dae.

Procedure where no Advisory Board Exists or when By-election Becomes Necessary.

4. When for any reason an advisory board has not been duly constituted as provided in these regulations, or when a by-election becomes necessary in terms of paragraph (ii) of sub-regulation (4) of regulation 18, the superintendent shall, as soon as practicable, issue a notice as hereinbefore provided, convening a meeting of the registered occupiers for the purpose of explaining to them these regulations and of calling for the nomination of candidates for the election of the required number of members of the advisory board and thereafter the election of such members and, where necessary, the constitution of an advisory board shall be proceeded with in accordance with the provisions of these regulations. The members of an advisory board constituted in terms of this regulation shall hold office till the 30th September following their election or appointment but shall be eligible for election or appointment for any ensuing twelve months.

Disqualification of Candidates.

5. No person shall be eligible for nomination for or election to the advisory board who—

(*a*) is not a male registered occupier; or

(*b*) has not continuously resided for at least two years in the urban area and is not resident in the camp; or

(*c*) has, within the period of twelve months immediately preceding the date of his nomination, been convicted of any offence in respect of which he has been sentenced to imprisonment without the option of a fine for a period of not less than seven days or with the option of a fine for a period of not less than one month; or

(*d*) holds an office or place of profit under or in the gift of the Council, other than as a member of the advisory board; or

(*e*) by reason of any physical or mental disability is unfit to hold office as a member of the advisory board; or

(*f*) has not paid all rent due by him to the Council.

Nominations to be in Writing.

6. Nominations of candidates for election as members of the advisory board shall be submitted in writing to the returning officer, and no nomination shall be accepted unless supported by the signatures or marks of at least five registered occupiers qualified to vote, each of whom has paid his rent up to the end of the month preceding that in which the nominations are called for.

Handing in of Nominations.

7. The nominations referred to in regulation 6 shall be lodged with the returning officer not later than the seventh day after the date of the nomination meeting referred to in regulation 3 or 4, as the case may be. The returning officer shall, as soon as practicable after the period for lodging such nominations has expired, post on the notice board at the office of the superintendent and in some conspicuous place in the camp a list of the candidates nominated and a notice convening a further meeting of the registered occupiers, which meeting shall be held not less than seven nor more than ten days after the period for lodging such nominations has expired.

Announcement of Nominations.

8. At the meeting mentioned in regulation 7 the returning officer shall announce the names of the nominees and if not more than the required number of qualified candidates have been nominated, he shall declare such candidates to be duly elected as members of the advisory board. In the event of more than the required number of qualified candidates having been nominated, the returning officer shall appoint a day on which a poll shall be held, being not more than ten days after the holding of the said

Prosedure waar geen adviserende komitee bestaan nie of waar 'n tussenverkiesing noodsaaklik word.

4. As 'n adviserende komitee om die een of ander rede nie behoorlik ingevolge hierdie regulasies saamgestel is nie of wanneer dit ingevolge paragraaf (ii) van subregulasie (4) van regulasie 18 noodsaaklik word om 'n tussenverkiesing te hou, moet die superintendent so gou doenlik en soos hierbo bepaal, 'n kennisgewing uitreik waarby 'n vergadering van die geregistreerde bewoners belê word met die doel om hierdie regulasies aan hulle te verduidelik en om nominasies te vra van kandidate vir die verkiesing van die vereiste getal lede van die adviserende komitee, en daarna moet daar oorgegaan word tot die verkiesing van die lede, en, waar nodig, die samestelling van 'n adviserende komitee ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies. Die lede van 'n adviserende komitee wat ooreenkomstig hierdie regulasies saamgestel is, beklee hul amp tot die 30ste September wat volg op die datum waarop hulle verkies of aangestel is, maar kan vir 'n verdere twaalf maande gekies of aangestel word.

Wie nie verkiesbaar is nie.

5. Niemand kan as lid van die adviserende komitee genomineer of verkies word nie wat—

(*a*) nie 'n manlike geregistreerde bewoner is nie; of

(*b*) nie ononderbroke vir minstens twee jaar in die stadsgebied gewoon het nie en nie in die kamp woonagtig is nie; of

(*c*) gedurende 'n tydperk van twaalf maande onmiddellik voor die datum van sy nominasie skuldig bevind is aan 'n misdryf ten opsigte waarvan hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van minstens sewe dae of, met die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van minstens een maand, gevonnis is; of

(*d*) 'n amp of winsgewende betrekking onder of by die Raad beklee uitgesonderd as lid van die adviserende komitee; of

(*e*) as gevolg van 'n liggaamlike of geestesgebrek onbevoegd is om lid van die adviserende komitee te wees; of

(*f*) nie alle huurgelde wat deur hom aan die Raad verskuldig is, betaal het nie.

Nominasies moet skriftelik wees.

6. Nominasies van kandidate vir verkiesing tot lede van die adviserende komitee moet skriftelik by die kiesbeampte ingedien word, en geen nominasies mag aangeneem word nie tensy dit gesteun word deur die handtekenings of merke van minstens vyf geregistreerde bewoners wat bevoeg is om te stem en van wie elkeen sy huurgeld betaal het tot aan die einde van die maand onmiddellik voor dié waarin die nominasies gevra word.

Indiening van nominasies.

7. Die nominasies vermeld in regulasie 6 moet voor of op die sewende dag na die datum van die nominasievergadering, genoem in regulasie 3 of 4, na gelang van die geval, by die kiesbeampte ingedien word. Die kiesbeampte moet so gou doenlik nadat die tydperk vir die indiening van nominasies verstryk het, 'n lys van die kandidate wat genomineer is, op die kennisgewingbord by die kantoor van die superintendent en op 'n in die oog lopende plek in die kamp aanbring waarby 'n verdere vergadering van die geregistreerde bewoners belê word. Hierdie vergadering moet minstens sewe en hoogstens tien dae na verstryking van die tydperk waarin nominasies ingedien moet word, gehou word.

Afkondiging van nominasies.

8. Op die vergadering genoem in regulasie 7, moet die kiesbeampte die name van die genomineerdes afkondig en as daar nie meer as die vereiste getal bevoegde kandidate genomineer is nie, moet hy dan dié kandidate tot behoorlik verkose lede van die adviserende komitee verklaar. Ingeval meer as die vereiste getal bevoegde kandidate genomineer is, moet die kiesbeampte 'n dag vasstel waarop daar gestem moet word, en wel nie later as tien dae nadat voormelde vergadering gehou is nie, en hy moet aankondig vir watter tydperk, wat nie korter as twee uur

meeting and shall announce for what period, being not less than two hours, between the hours of 8 a.m. and 10 p.m., the poll shall be open on such day and the place at which the poll shall be held. The returning officer shall fix the hours during which the poll shall be open with due regard to the convenience of the majority of the registered occupiers.

Polling Day.

9. The returning officer shall cause to be posted on the notice board at the office of the superintendent and in some conspicuous place in the camp not less than seven days before the polling day, a notice intimating the date upon which, the place at which and the hours during which the poll will be held.

Recording of Votes.

10. The returning officer shall attend during the hours and at the place fixed for the poll and shall record the votes given for each candidate.

Polling Station.

11. No person other than the returning officer, his assistants and the person at the time recording his vote shall be admitted to the polling station.

Qualification of Voters.

12. No person other than a male registered occupier who appears to the returning officer to have attained the age of eighteen years and who, during the polling hours fixed for any election, produces to the returning officer a receipt showing that he is not more than two months in arrear with his rent and any other charges due by him to the Council in terms of these regulations, shall be permitted to vote at such election.

Manner of Voting.

13. The returning officer, after satisfying himself that the person desirous of recording his vote is entitled to do so, shall ask him for which of the candidates nominated he wishes to vote, and shall record the votes given for any such candidates, being not more than the number of candidates to be elected, by placing on a list of names of the nominated candidates, a mark opposite the name of each candidate named by the elector. The returning officer shall thereupon mark such person's receipt referred to in regulation 12, so as to show that he has recorded his vote.

Result of Election.

14. As soon after the closing of the poll as practicable the returning officer shall count the votes given for each candidate for election and shall declare the required number of candidates who have received the greatest number of votes to be duly elected as members of the advisory board.

Determination in Event of Equal Number of Votes.

15. If two or more candidates for election receive an equal number of votes, the successful candidate shall be determined by the casting of lots in the presence of the returning officer and in the manner prescribed by him.

Notification of Members Appointed by Council.

16. The names of the members of the advisory board appointed by the Council shall be notified by posting a notice on the notice board at the office of the Council and in some conspicuous place in the camp as soon as practicable after the announcement of the names of the elected members in terms of regulation 8 or 14.

moet wees nie, tussen die ure 8 vm. en 10 nm. die stemlokaal op daardie dag oop sal wees en waar die stemming gehou sal word. Die kiesbeampte moet by die vasstelling van die ure wanneer die stemlokaal oop sal wees, die gerief van die meerderheid van die geregistreerde bewoners behoorlik in ag neem.

Stemdag.

9. Die kiesbeampte moet minstens sewe dae voor die stemdag 'n kennisgewing op die kennisgewingbord by die kantoor van die superintendent en op 'n in die oog lopende plek in die kamp laat aanbring waarin die datum waarop, die plek waar, en die ure wanneer gestem sal word, bekendgemaak word.

Opteken van stemme.

10. Die kiesbeampte moet gedurende die ure en op die plek wat vir die stemming bepaal is, teenwoordig wees en die stemme wat op elke kandidaat uitgebring word, opteken.

Stemlokaal.

11. Niemand anders as die kiesbeampte, sy assistente en die persoon wat besig is om sy stem uit te bring, mag in die stemlokaal wees nie.

Kwalifikasie van kiesers.

12. Niemand anders as 'n manlike geregistreerde bewoner wat, na die kiesbeampte meen, die ouderdom van agtien jaar bereik het en wat, gedurende die stemure wat vir 'n verkiesing vasgestel is, 'n kwitansie aan die kiesbeampte voorlê waarop aangetoon word dat hy nie meer as twee maande met sy huur- en ander gelde wat hy ingevolge hierdie regulasies aan die Raad verskuldig is, agterstallig is nie, word toegelaat om by so 'n verkiesing te stem nie.

Metode van stemming.

13. Nadat die kiesbeampte hom daarvan vergewis het dat die persoon wat wil stem, daartoe geregtig is, moet hy hom vra vir watter genomineerde kandidate hy wil stem, en die stemme wat so 'n persoon op dié kandidate uitbring, wat nie meer moet wees as die getal kandidate wat verkies moet word nie, moet deur die kiesbeampte opgeteken word deur 'n merk op die lys van die genomineerde kandidate se name te plaas teenoor die naam van elke kandidaat wat die kieser noem. Daarna moet die kiesbeampte 'n merk op sodanige persoon se kwitansie, genoem in regulasie 12, maak om aan te toon dat hy sy stem uitgebring het.

Uitslag van verkiesing.

14. So gou doenlik na die sluiting van die stemming moet die kiesbeampte die stemme tel wat op elke kandidaat uitgebring is en die vereiste getal kandidate wat die meeste stemme gekry het tot behoorlik verkose lede van die adviserende komitee verklaar.

Aanwysing ingeval van staking van stemme.

15. As twee of meer kandidate ewe veel stemme kry, word die suksesvolle kandidaat deur middel van loting in die teenwoordigheid van die kiesbeampte en op die manier deur hom voorgeskryf, aangewys.

Bekendmaking van lede deur Raad aangestel.

16. Die name van die lede van die adviserende komitee wat deur die Raad aangestel is, word so gou doenlik na die aankondiging van die name van die lede wat ooreenkomstig die bepalings van regulasie 8 of 14 gekies is, bekendgemaak deur 'n kennisgewing op die kennisgewingbord by die kantoor van die Raad en op 'n in die oog lopende plek in die kamp aan te bring.

Duration of Office of Members.

17. Subject to the provisions of regulations 4 and 18 a member of the advisory board shall hold office for a period of twelve months as from the first day of October following his election or appointment but shall be eligible for election or appointment for any ensuing twelve months.

Vacancies.

18. (1) Any member of the advisory board may, by giving notice in writing under his hand delivered to the chairman, resign his seat which shall thereupon become vacant.

(2) The seat of any member shall, *ipso facto*, become vacant if such member—

(i) is sentenced in respect of a conviction for any offence to imprisonment without the option of a fine for a period of more than seven days, or with the option of a fine, for a period of more than one month; or

(ii) is convicted of any contravention of these regulations; or

(iii) ceases to be a registered occupier; or

(iv) leaves or absents himself from the camp without the concurrence of the advisory board, for a continuous period of not less than six weeks, after his election or appointment; or

(v) fails, without the prior leave of the advisory board, to attend three consecutive meetings of such board; or

(vi) by reason of any physical or mental disability becomes unfit to continue in office as a member of the advisory board; or

(vii) is inadvertently elected or appointed as a member of the advisory board, in spite of not being eligible for election or appointment thereto in terms of the provisions of regulation 5; or

(viii) accepts an office or place of profit under or in the gift of the Council or accepts any gift or consideration as an inducement or reward for doing or forbearing to do any favour or act in relation to his office; or

(ix) dies.

(3) If for any of the reasons set out in sub-regulation (2) other than death, a member's seat becomes vacant, the superintendent shall cause a written notice under his hand to be delivered to such member's last known place of residence, advising him that his seat has become vacant, and such person shall not be eligible for re-election for a period of twelve months after the date of vacating office.

(4) Upon a vacancy occurring in terms of sub-regulation (1) or (2), the chairman shall forthwith—

(i) if the affected member shall have been an appointed member, notify the Council, which shall appoint another person to fill the vacancy; or

(ii) if the affected member shall have been an elected member, call upon the returning officer to hold a by-election in terms of these regulations to fill the vacancy: Provided that if the said vacancy occurs between the first day of July and the thirtieth day of September it shall not be necessary to hold an election and the Council may appoint a member to fill the vacancy. A member thus appointed shall be deemed to have been elected.

(5) Any member appointed or elected under sub-regulation (4) shall hold office only for the unexpired portion of the term of office of the member in whose place he has been appointed or elected, but shall be eligible for election or appointment for any ensuing twelve months.

Ordinary Meetings.

19. (1) The advisory board shall hold its first meeting after its constitution in terms of these regulations, at such time and place as the chairman may direct: Provided that such first meeting shall be held within a period of one month after the constitution of the advisory board.

Ampstermyn van lede.

17. Behoudens die bepalings van regulasies 4 en 18, beklee die lede van die adviserende komitee hul amp vir twaalf maande met ingang van die eerste dag van Oktober wat volg op hul verkiesing of aanstelling, maar hulle kan vir 'n verdere twaalf maande gekies of aangestel word.

Vakatures.

18. (1) 'n Lid van die adviserende komitee kan as lid bedank deur die voorsitter skriftelik daarvan in kennis te stel, en daarna is sy setel vakant.

(2) Die setel van 'n lid word *ipso facto* vakant wanneer so 'n lid—

(i) ten opsigte van skuldigbevinding aan 'n misdryf, gevonnis word tot gevangenisstraf, sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van meer as sewe dae of, met die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van meer as een maand; of

(ii) aan 'n oortreding van hierdie regulasies skuldig bevind word; of

(iii) ophou om 'n geregistreerde bewoner te wees; of

(iv) sonder die instemming van die adviserende komitee, vir 'n ononderbroke tydperk van minstens ses weke na sy verkiesing of aanstelling, uit die kamp afwesig is of dit verlaat; of

(v) sonder die voorafgaande verlof van die adviserende komitee versuim om drie agtereenvolgende vergaderings van sodanige adviserende komitee by te woon; of

(vi) as gevolg van 'n liggaamlike of geestesgebrek onbevoeg raak om verder as lid van die adviserende komitee te dien; of

(vii) per abuis gekies is tot of aangestel is as lid van die adviserende komitee ten spyte van die feit dat hy ooreenkomstig die bepalings van regulasie 5 nie bevoeg is om gekies of aangestel te word nie; of

(viii) 'n amp of winsgewende betrekking onder of by die Raad aanvaar of enige geskenk of vergoeding aanneem as beweegrede of beloning om enige guns of daad met betrekking tot sy amp te doen of nalaat om te doen; of

(ix) sterf.

(3) As 'n lid se setel vakant raak om enigeen van die redes vermeld in subregulasie (2), uitgesonderd dood, moet die superintendent 'n skriftelike kennisgewing, deur hom geteken, laat aflewer by so 'n lid se laasbekende woonadres, waarin hom meegedeel word dat sy setel vakant geraak het en so 'n persoon kom dan nie in aanmerking vir herverkiesing vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum waarop hy sy amp neergelê het nie.

(4) By die ontstaan van 'n vakature ingevolge subregulasie (1) of (2), moet die voorsitter onmiddellik—

(i) as die betrokke lid 'n aangestelde lid was, die Raad in kennis stel, wat dan iemand anders moet aanstel om die vakature aan te vul; of

(ii) as die betrokke lid 'n verkose lid was, die kiesbeampte versoek om 'n tussenverkiesing ooreenkomstig hierdie regulasies te hou ten einde die vakature aan te vul: Met dien verstande dat, as genoemde vakature ontstaan tussen die eerste dag van Julie en die dertigste dag van September, dit nie nodig is om 'n verkiesing te hou nie en die Raad 'n lid kan aanstel om die vakature aan te vul. 'n Lid wat aldus aangestel word, word as verkose beskou.

(5) 'n Lid wat ooreenkomstig subregulasie (4) aangestel of verkies is, beklee sy amp slegs vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid in wie se plek hy aangestel of gekies is maar kan vir 'n verdere twaalf maande gekies of aangestel word.

Gewone vergaderings.

19. (1) Die eerste vergadering van die adviserende komitee nadat hy ooreenkomstig hierdie regulasies saamgestel is, moet gehou word op 'n tyd en plek wat die voorsitter bepaal: Met dien verstande dat so 'n eerste vergadering binne een maand nadat die adviserende komitee saamgestel is, gehou moet word.

(2) The ordinary meeting of the advisory board shall be held once a month on a day and at a time to be decided by the advisory board: Provided that if for any reason such meeting cannot be held on the prescribed day the chairman may fix another day therefor and in such event he shall at least three days before such meeting, post a notice in a conspicuous place in the camp and inform each member thereof in writing.

Special Meetings.

20. The chairman may at any time, upon being satisfied of the necessity of so doing, call a special meeting of the advisory board, but no business shall be transacted at any such meeting except such for which the meeting may have been specially convened to consider.

Attendance of Public at Meetings.

21. Members of the public shall be entitled to attend any meeting of the advisory board held in terms of regulations 19 and 20: Provided that if the chairman deems it necessary that the proceedings of any meeting be conducted *in camera*, he may debar members of the public from attending such meeting or require them to withdraw from the meeting, as the case may be.

Time of Meetings.

22. The chair shall be taken at the appointed hour, but if at the expiration of a quarter of an hour after the appointed time there shall not be a sufficient number of members present to form a quorum, the chairman shall declare the meeting adjourned until the date of the following meeting or such earlier date as may appear desirable, and notice of such adjourned meeting shall, at least three days before the date thereof, be posted in some conspicuous place in the camp and each member shall be informed thereof in writing.

Quorum.

23. Four members shall form a quorum.

Minute Book.

24. The names of members present and a record of the proceedings of the meeting shall be noted in a minute book to be kept by such person, who need not be a member of the advisory board, as the advisory board shall appoint as secretary, and the business of the meeting or adjourned meeting shall be commenced by the reading and confirmation of the minutes of the previous meeting or day's proceedings. Minutes, when so read and confirmed, shall be attested by the chairman's signature in the presence of the members. A copy of the minutes shall after each meeting be sent by the chairman to the Council.

Business of Meeting.

25. It shall be the duty of the Secretary to bring to the notice of the chairman all matters which may have been reserved for consideration from a previous meeting and all notices of motion received by him, and the chairman shall place such matters before the advisory board for discussion, but the order of business subsequent to the confirmation of the minutes shall be in his discretion.

Addressing Meeting.

26. In discussing any question before the advisory board, the speaker shall address the chair standing.

Precedence of Speakers.

27. If two members address the chair at the same time and neither shall give way, the chairman shall call upon the one who is, in his opinion, entitled to precedence.

Motions to be Seconded.

28. When a motion or amendment is made by a member, it must be seconded by another member, otherwise it shall be dropped and all further debate on the subject shall be discontinued and an entry shall be made in the minutes that such was not seconded.

(2) Die gewone vergadering van die adviserende komitee moet een maal per maand gehou word op 'n dag en tyd wat die adviserende komitee bepaal: Met dien verstande dat, as so 'n vergadering om die een of ander rede nie op die vasgestelde dag gehou kan word nie, die voorsitter 'n ander dag daarvoor kan bepaal, en in dié geval moet hy minstens drie dae voor die vergadering 'n kennisgewing op 'n in die oog lopende plek in die kamp aanbring en elke lid skriftelik daarvan in kennis stel.

Spesiale vergaderings.

20. Die voorsitter kan te eniger tyd, as hy dit noodsaaklik ag, 'n spesiale vergadering van die adviserende komitee belê, maar geen ander sake as dié waarvoor die vergadering spesiaal belê is, mag op so 'n vergadering behandel word nie.

Bywoning van vergaderings deur publiek.

21. Lede van die publiek is daartoe geregtig om 'n vergadering van die adviserende komitee, wat ooreenkomstig regulasies 19 en 20 gehou word, by te woon: Met dien verstande dat, as die voorsitter dit nodig ag dat die verrigtings van 'n vergadering *in camera* moet plaasvind, hy lede van die publiek kan belet om so 'n vergadering by te woon of hulle kan versoek om die vergadering te verlaat, na gelang van die geval.

Tyd van vergaderings.

22. Die voorsitterstoel moet op die bestemde uur ingeneem word, maar indien daar na verloop van 'n kwartier na die bepaalde tyd nie genoeg lede teenwoordig is om 'n kworum te vorm nie, moet die voorsitter die vergadering uitgestel verklaar tot die datum van die volgende vergadering of 'n vroeër datum wat wenslik geag word, en 'n kennisgewing van so 'n uitgestelde vergadering moet minstens drie dae voordat dit gehou word op 'n in die oog lopende plek in die kamp aangebring word, en elke lid moet skriftelik daarvan in kennis gestel word.

Kworum.

23. Vier lede vorm 'n kworum.

Notuleboek.

24. Die name van die lede wat teenwoordig is en die verrigtings van die vergadering moet genotuleer word in 'n notuleboek wat gehou moet word deur iemand wat die adviserende komitee as sekretaris aanstel maar wat nie noodwendig 'n lid van die adviserende komitee hoef te wees nie, en die werksaamhede van die vergadering of uitgestelde vergadering moet begin word deur die notule van die vorige vergadering of van die verrigtings van die vorige dag te lees en goed te keur. Wanneer die notule aldus gelees en goedgekeur is, moet die voorsitter dit in die teenwoordigheid van die lede met sy handtekening bekragtig. Na elke vergadering moet die voorsitter 'n afskrif van die notule aan die Raad stuur.

Werksaamhede van vergadering.

25. Dit is die plig van die sekretaris om alle sake wat van 'n vorige vergadering vir oorweging oorgehou is en alle kennisgewings van mosies wat hy ontvang het, onder die aandag van die voorsitter te bring, en die voorsitter moet sulke sake vir bespreking aan die adviserende komitee voorlê, maar die volgorde van sake nadat die notule goedgekeur is, word aan sy goeddunke oorgelaat.

Toespreek van vergadering.

26. By die bespreking van 'n saak voor die adviserende komitee moet die spreker staan en hom tot die voorsitter rig.

Voorrang van sprekers.

27. Wanneer twee lede gelyktydig die woord wil voer en geeneen die geleentheid aan die ander wil afstaan nie, moet die voorsitter dié lid aan die woord stel wat, volgens sy mening, tot voorrang geregtig is.

Mosies moet gesekondeer word.

28. Wanneer 'n lid 'n mosie of amendement voorstel, moet dit deur 'n ander lid gesekondeer word, anders verval dit en moet alle verdere bespreking van dié onderwerp gestaak word; daar moet in die notule aangeteken word dat dit nie gesekondeer is nie.

Motions to be Read.

29. A motion or amendment, prior to its being put to the vote, shall be read aloud by the chairman or secretary.

Withdrawal of Motions.

30. A motion or amendment made and seconded shall not be withdrawn unless by leave of the advisory board.

Compulsory Voting.

31. Every member present who is entitled to vote shall give his vote on a division, unless he shall assign a reason judged by the chairman to be sufficient for declining to vote.

Duties and Functions of Advisory Board.

32. The duties and functions of the advisory board shall be—

(*a*) to act in an advisory capacity on matters concerning the camp;

(*b*) to receive and consider complaints, representations and suggestions from the inhabitants and, if deemed necessary, to make representations thereon to the Council or to any committee appointed by the Council to deal with the affairs of the camp;

(*c*) to receive and consider any report concerning the camp by the Council or any of its officials, and, if necessary, to make representations in regard to such report to the Council.

CHAPTER 5.

GENERAL.

Offences and Penalties.

1. (1) Any person who—

(*a*) contravenes or fails to comply with the provisions of sub-regulation (1) of regulation 7, sub-regulation (1) or (3) of regulation 8, regulation 9, sub-regulation (1) or (2) of regulation 10, regulation 11 or 18, sub-regulation (2) of regulation 19, regulation 22, 25, 28, 29, 30, 31, 32, 33 or 34 of Chapter 2; or

(*b*) wilfully and without the authority of the Council defaces or tampers with any regulations, posted and maintained as provided for in regulation 3 of Chapter 2; or

(*c*) incorporates in any dwelling, building, fence, outhouse or other structure in the camp, any material which has not received the prior approval of the superintendent as provided for in sub-regulation (2) of regulation 6 of Chapter 2; or

(*d*) having been the holder of a site permit, or a member of the family of such holder, fails to leave the camp forthwith on the cancellation of such permit in terms of the provisions of sub-regulation (1) of regulation 12 of Chapter 2 or having left the camp, re-enters it or is found therein not being authorised in terms of these regulations to re-enter or be therein; or

(*e*) wilfully defaces, obliterates or destroys any number allotted and painted, inscribed or affixed as provided for in sub-regulation (1) of regulation 17 of Chapter 2; or

(*f*) wilfully obstructs the entry into any dwelling or site in the camp of the medical officer, superintendent or other officer in terms of regulation 23 or 24 of Chapter 2; or

(*g*) on being requested by the superintendent to give such information as may be required by the superintendent for the keeping of any register required by these regulations and provided for in regulation 26 of Chapter 2 or when such information is required by him for the effective administration of these regulations, fails, neglects or refuses without reasonable cause to give such information, or gives information which is false, incorrect or misleading, knowing the same to be false, incorrect or misleading; or

Mosies moet voorgelees word.

29. Voordat 'n mosie of amendement tot stemming gebring word, moet die voorsitter of sekretaris dit hardop voorlees.

Terugtrek van mosies.

30. 'n Mosie of amendement wat voorgestel en gesekondeer is, kan nie sonder die toestemming van die adviserende komitee teruggetrek word nie.

Verpligte stemming.

31. Elke aanwesige lid wat geregtig is om te stem, moet sy stem by 'n verdeling uitbring tensy hy 'n rede aanvoer wat, na die oordeel van die voorsitter, 'n afdoende rede is om nie te stem nie.

Pligte en funksies van adviserende komitee.

32. Die pligte en funksies van die adviserende komitee is—

(*a*) om in 'n adviserende hoedanigheid op te tree in verband met sake betreffende die kamp;

(*b*) om klagtes, vertoë en wenke van die bewoners te ontvang en te oorweeg en om, indien dit nodig geag word, vertoë daaromtrent te rig tot die Raad of 'n komitee wat deur die Raad aangestel is om met die sake van die kamp te handel;

(*c*) om verslae van die Raad of van enigeen van sy beamptes betreffende die kamp te ontvang en te oorweeg en, indien nodig, vertoë in verband met sodanige verslae tot die Raad te rig.

HOOFSTUK 5.

ALGEMEEN.

Misdrywe en strafbepalings.

1. (1) Enigeen wat—

(*a*) die bepalings van subregulasie (1) van regulasie 7, subregulasie (1) of (3) van regulasie 8, regulasie 9, subregulasie (1) of (2) van regulasie 10, regulasie 11 of 18, subregulasie (2) van regulasie 19, regulasie 22, 25, 28, 29, 30, 31, 32, 33 of 34 van Hoofstuk 2 oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen; of

(*b*) opsetlik en sonder die magtiging van die Raad, enige regulasies wat aangeplak en in stand gehou word soos bepaal in regulasie 3 van Hoofstuk 2, ontsier of daaraan peuter; of

(*c*) materiaal wat nie eers deur die superintendent goedgekeur is soos bepaal in subregulasie (2) van regulasie 6 van Hoofstuk 2 nie, vir 'n woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk in die kamp gebruik; of

(*d*) die houer van 'n perseelpermit of 'n lid van die gesin van so 'n houer was, en versuim om die kamp onverwyld te verlaat na intrekking van sodanige permit ingevolge die bepalings van subregulasie (1) van regulasie 12 van Hoofstuk 2 of wat, nadat hy die kamp verlaat het, dit weer binnekom of daarin gevind word terwyl hy nie ooreenkomstig hierdie regulasies gemagtig is om dit weer binne te kom of om daarin te wees nie; of

(*e*) enige nommer wat toegeken en geverf, opgeskryf of aangeheg is soos bepaal in subregulasie (1) van regulasie 17 van Hoofstuk 2, opsetlik skend, uitwis of vernietig; of

(*f*) opsetlik die binnegaan van 'n woning of perseel in die kamp deur die mediese beampte, superintendent of ander amptenaar ingevolge regulasie 23 of 24 van Hoofstuk 2 belemmer; of

(*g*) nadat hy deur die superintendent versoek is om sodanige inligting as wat die superintendent nodig het vir die hou van 'n register vereis by hierdie regulasies en soos bepaal in regulasie 26 van Hoofstuk 2 of wanneer sodanige inligting nodig is vir die doeltreffende administrasie van hierdie regulasies, sonder gegronde redes, versuim, nalaat of weier om sodanige inligting te verstrek of inligting verstrek wat vals, onjuis of misleidend is, wetende dat dit vals, onjuis of misleidend is; of

(*h*) convenes, holds or addresses a public meeting or assembly of persons in the camp in respect of which public meeting or assembly of persons the superintendent has not been notified beforehand as provided for in sub-regulation (1) of regulation 27 of Chapter 2; or

(*i*) having convened a public meeting or entertainment in the camp, allows such public meeting or entertainment to continue later than 11 p.m. without the approval of the superintendent or later than any extended time to which permission has been granted by the superintendent in terms of sub-regulation (2) of regulation 27 of Chapter 2; or

(*j*) without the prior written approval of the superintendent, collects any money for other than bona fide church purposes from the persons present at any meeting or assembly of persons in the camp; or

(*k*) holds, addresses or attends a meeting or assembly which has been prohibited as provided for in sub-regulation (4) of regulation 27 of Chapter 2; or

(*l*) contravenes or fails to comply with the provisions of sub-regulation (1) or (2) of regulation 2, regulation 4, 10, 11 or 12, sub-regulation (1), (2) or (4) of regulation 14, regulation 16, 17, 18, sub-regulation (1) of regulation 19, regulation 20 or 21 of Chapter 3; or

(*m*) being a trader, employs a non-Native on a trading site allocated to him, contrary to the provisions of regulation 5 of Chapter 3; or

(*n*) being a trader, carries on any undertaking on a trading site in the camp during hours not prescribed in terms of or under the law in force in the province in respect of shop hours, in contravention of regulation 9 of Chapter 3; or

(*o*) being a trader, fails personally to carry on his undertaking or supervise the work of his assistants, if any, in contravention of sub-regulation (1) of regulation 13 of Chapter 3; or

(*p*) being a trader, or an assistant of a trader, fails, when required by the superintendent, to submit himself to medical examination as required in sub-regulation (2) of regulation 13 of Chapter 3; or

(*q*) being a trader or an assistant of a trader who has been prohibited by the superintendent in terms of sub-regulation (2) of regulation 13 of Chapter 3 from being employed on any trading site or handling any foodstuffs thereon until he has obtained a certificate from the medical officer to the effect that he is no longer suffering from any infectious or contagious disease, nevertheless works on any trading premises or handles any foodstuffs thereon before he has obtained such a certificate; or

(*r*) being a trader occupying a building owned by the Council, fails to maintain the interior of such building in a good state of repair and cleanliness as provided for in regulation 15 of Chapter 3; or

(*s*) fails to pay any sum for which he is liable in terms of the provisions of these regulations within one month of the date on which it becomes due and payable,

shall be guilty of an offence.

(2) Any male person using any sanitary accommodation provided for the exclusive use of female persons and any female person using any sanitary accommodation provided for the exclusive use of male persons and any person using any communal sanitary accommodation in any manner calculated to render the accommodation unclean and unhygienic shall be guilty of an offence.

(*h*) 'n openbare vergadering of byeenkoms ten opsigte waarvan die superintendent nie vooraf in kennis gestel is nie soos bepaal in subregulasie (1) van regulasie 27 van Hoofstuk 2, in die kamp belê, hou of toespreek; of

(*i*) nadat hy 'n openbare vergadering of vermaaklikheid in die kamp belê of georganiseer het, toelaat dat sodanige vergadering of vermaaklikheid later as 11 nm. voortgesit word sonder die goedkeuring van die superintendent of na die verlengde tyd wat deur die superintendent goedgekeur is kragtens subregulasie (2) van regulasie 27 van Hoofstuk 2; of

(*j*) sonder dat die skriftelike goedkeuring van die superintendent vooraf verkry is, van die persone wat by 'n openbare vergadering of byeenkoms in die kamp aanwesig is, geld, behalwe vir *bona fide* kerkdoeleindes, kollekteer; of

(*k*) 'n vergadering of byeenkoms wat verbied is soos bepaal in subregulasie (4) van regulasie 27 van Hoofstuk 2, hou, toespreek of bywoon; of

(*l*) die bepalings van subregulasie (1) of (2) van regulasie 2, regulasie 4, 10, 11 of 12, subregulasie (1), (2) of (4) van regulasie 14, regulasie 16, 17, 18, subregulasie (1) van regulasie 19, regulasie 20 of 21 van Hoofstuk 3 oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen; of

(*m*) 'n handelaar is en 'n nie-Naturel op 'n handelsperseel wat aan hom toegeken is, in sy diens neem strydig met die bepalings van regulasie 5 van Hoofstuk 3; of

(*n*) 'n handelaar is en 'n onderneming op 'n handelsperseel in die kamp dryf gedurende ure wat nie voorgeskryf is ooreenkomstig of kragtens die wet wat in die provinsie van krag is ten opsigte van winkelure nie, in stryd met regulasie 9 van Hoofstuk 3; of

(*o*) 'n handelaar is en versuim om persoonlik sy onderneming te dryf of toesig te hou oor die werk van sy assistente, as daar is, in stryd met subregulasie (1) van regulasie 13 van Hoofstuk 3; of

(*p*) 'n handelaar of 'n assistent van 'n handelaar is en versuim om, wanneer die superintendent dit verlang, homself aan mediese ondersoek deur die mediese beampte te onderwerp soos bepaal in subregulasie (2) van regulasie 13 van Hoofstuk 3; of

(*q*) 'n handelaar of 'n assistent van 'n handelaar is en wat nadat hy ingevolge subregulasie (2) van regulasie 13 van Hoofstuk 3 deur die superintendent verbied is om op enige handelsperseel in diens te wees of om eetware daarop te hanteer totdat hy 'n sertifikaat van die mediese beampte verkry het met die strekking dat hy nie meer aan 'n besmetlike of aansteeklike siekte ly nie, nogtans op 'n handelsperseel werk of enige eetware daarop hanteer voordat hy so 'n sertifikaat verkry het; of

(*r*) 'n handelaar is wat 'n gebou van die Raad okkupeer en versuim om sodanige gebou binne in 'n goeie en sindelike toestand te hou soos bepaal in regulasie 15 van Hoofstuk 3; of

(*s*) versuim om 'n bedrag waarvoor hy ingevolge die bepalings van hierdie regulasies aanspreeklik is, te betaal binne 'n maand na die datum waarop dit verskuldig en betaalbaar word,

is aan 'n misdryf skuldig.

(2) 'n Manspersoon wat gebruik maak van sanitêre geriewe wat uitsluitlik vir die gebruik van vrouspersone verskaf is en 'n vrouspersoon wat gebruik maak van sanitêre geriewe wat uitsluitlik vir die gebruik van manspersone verskaf is en iemand wat gemeenskaplike sanitêre geriewe gebruik op 'n wyse wat die plek vuil en onhigiënies kan maak, is skuldig aan 'n misdryf.

(3) Any person convicted of any offence under these regulations shall be liable to a fine not exceeding ten pounds or imprisonment for a period not exceeding two months or to both such fine and imprisonment and on a second or subsequent conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds or imprisonment for a period not exceeding three months or to both such fine and such imprisonment: Provided that—

(i) any person convicted of an offence mentioned in paragraph (*d*) of sub-regulation (1) may, in addition to any other penalty which may be imposed, be ejected from the camp;

(ii) any person convicted of an offence mentioned in paragraph (*s*) of sub-regulation (1) may, in addition to any other penalty which may be imposed, be ordered by the Court to pay, within such period as the order may specify, the amount which is found to be owing by such person or, in default of payment within such period, to be imprisoned for a period not exceeding one month: Provided that no such imprisonment undergone shall have the effect of cancelling the liability or barring an action for recovery of the amount due by such person: Provided further that no person shall be punished a second time in respect of failure to pay the same debt.

Repeal of Regulations.

2. The regulations published under Government Notice No. 2749, dated 26th October, 1951, are hereby repealed.

DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

✱ No. 2265.] [5 November 1954.

UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE.

AMENDMENT OF REGULATIONS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, by virtue of the powers in him vested by section *twenty-eight* of the University of the Orange Free State (Private) Act, 1949 (Act No. 21 of 1949), of the following amendments to the regulations of the said University published by Government Notice No. 600 of the 17th March, 1950, and subsequently amended by Government Notices No. 2806 of the 14th November, 1950, No. 2874 of the 9th November, 1951, No. 2439 of the 24th October, 1952, and No. 397 of the 5th March, 1954:—

1. *Paragraph* A.20 (*ter*).—Delete the existing paragraph and substitute the following therefor:—

"A.20 (*ter*). (i) A student who fails a major subject in the November examination, but who has otherwise complied with the prescribed requirements, may be permitted to write an examination in March of the following year. In such cases the candidate shall be required to write and pass an examination in both major subjects in March in order to be credited therewith.

(ii) A student who fails in an ancillary subject in the November examination may, only in special cases and with the approval of the Senate, be permitted to write an examination in March of the following year."

2. *Paragraph* B.5.—Delete the words "native administration" at the end of Group (*a*) after the words "Roman-Dutch law."

3. *Paragraph* B.6.

(i) Delete the words "native administration" in column A.

(ii) Delete the words and figures "Bantu languages I, ethnology I" in colum B.

4. *Paragraph* B.8.

(i) Insert the words "special English" after the word "English" in Group A.

(ii) Insert the figure "7" after the words "native administration" in Group D. Add the following footnote after footnote 6:—

"(7) Only a one-year ancillary subject for ethnology III and/or Bantu languages III."

(3) Enigeen wat aan 'n misdryf kragtens hierdie regulasies skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens tien pond of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande of sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf en by 'n tweede of latere veroordeling met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf: Met dien verstande dat—

(i) enigeen wat aan 'n misdryf vermeld in paragraaf (*d*) van subregulasie (1) skuldig bevind word, benewens enige ander straf wat opgelê kan word, uit die kamp uitgesit kan word;

(ii) enigeen wat aan 'n misdryf vermeld in paragraaf (*s*) van subregulasie (1) skuldig bevind word, benewens enige ander straf wat opgelê kan word, deur die Hof gelas kan word om die bedrag wat, na bevind word, deur hom verskuldig is, binne sodanige tydperk as wat in die bevel genoem word, te betaal, of, by wanbetaling binne sodanige tydperk, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand gevonnis kan word: Met dien verstande dat geen gevangenisstraf wat uitgedien is tot gevolg sal hê dat so 'n persoon van sy aanspreeklikheid vir die verskuldigde bedrag onthef sal word nie of dat 'n geding vir die invordering daarvan nie meer ingestel sal kan word nie: Voorts met dien verstande dat niemand ten opsigte van versuim om dieselfde skuld te betaal 'n tweede keer gestraf kan word nie.

Intrek van regulasies.

2. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2749 van 26 Oktober 1951 word hierby herroep.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

✱ No. 2265.] [5 November 1954.

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

WYSIGING VAN REGULASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt-en-twintig* van die Private Wet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1949 (Wet No. 21 van 1949), onderstaande wysigings van die regulasies vir genoemde Universiteit wat by Goewermentskennisgewing No. 600 van 17 Maart 1950 afgekondig en daarna by Goewermentskennisgewing No. 2806 van 14 November 1950, No. 2874 van 9 November 1951, No. 2439 van 24 Oktober 1952 en No. 397 van 5 Maart 1954 gewysig is, goed te keur:—

1. *Paragraaf* A.20 (*ter*).—Skrap die bestaande paragraaf en vervang dit deur die volgende:—

„A.20 (*ter*) (i) 'n Student wat in die Novembereksamen in 'n hoofvak druip maar wat aan die ander voorgeskrewe vereistes voldoen het, kan toegelaat word om in Maart van die daaropvolgende jaar eksamen te doen. In so 'n geval moet die kandidaat in Maart in albei hoofvakke eksamen doen en slaag om erkenning daarvoor te ontvang.

(ii) 'n Student wat in die Novembereksamen in 'n byvak druip, kan alleen in spesiale gevalle en met die goedkeuring van die Senaat toegelaat word om in Maart van die daaropvolgende jaar eksamen te doen."

2. *Paragraaf* B.5.—Skrap die woord „naturelle-administrasie" aan die einde van groep (*a*) na die woorde „Romeins-Hollandse reg".

3. *Paragraaf* B.6.

(i) Skrap die woord „naturelle-administrasie" in kolom A.

(ii) Skrap die woorde en syfers „Bantoetale I, Volkekunde I" in kolom B.

4. *Paragraaf* B.8.

(i) Voeg die woorde „Spesiale Engels" in na die woord „Engels" in groep A.

(ii) Voeg die syfer „7" in na die woord „naturelle-administrasie" in groep D. Voeg onderstaande voetnoot by na voetnoot 6:—

„(7) Slegs 'n eenjarige byvak vir Volkekunde III en/of Bantoetale III".

(iii) Insert the figure "8" after the words "special English".

(iv) Add the following footnote at the end of the page after footnote 7:—

"(8) Only one qualifying course for the degree, which shall not qualify for admission to the course English II."

(v) Insert the following new paragraph B.8 (*bis*) after paragraph B.8:—

"B.8 (*bis*). Sociology II may only be taken as a two-year ancillary subject with psychology as major subject, and *vice versa*."

5. *Paragraph* B.13 (*c*).—Delete paragraph B.13 (*c*) and re-number B.13 (*d*) as B.13 (*c*).

6. *Paragraph* B.16 (*bis*) (*f*).—Delete the existing paragraph and substitute the following therefor:—

"RE-EXAMINATION IN MARCH.

A student who fails in one of the two principal subjects in the November examination, may be admitted to a re-examination in both these subjects in March of the following year, provided that—

(i) he is not in arrear with any ancillary subjects;
(ii) he obtained not less than 30 per cent in the relative principal subject in the November examination and the prescribed aggregate percentage in the year and examination record."

7. *Paragraph* B.20 (*bis*) (*d*).—Delete the existing paragraph and substitute the following therefor:—

"A student who fails in harmony III or the practical subject in the November examination, may be admitted to a re-examination in both subjects in March of the following year, provided he—

(i) obtained an examination record of not less than 30 per cent in the November examination, and
(ii) obtained not less than 40 per cent in the joint year and examination record."

8. *Paragraph* C.6.—Delete the existing paragraph and substitute the following therefor:—

"C.6. At the end of the second or third year of the curriculum for his degree a student shall satisfy the head of the department as to his ability to use both official languages proficiently."

9. *Paragraph* D.6.

(i) Insert under regulations for degrees in the faculty of Science, D.6, under N.B. and after the words "Mathematics I" "Physics II may be taken only after physics IA has been completed and mathematics I has been attended."

(ii) Insert the following at the end of N.B.:—

"The following combinations of major subjects may only be taken for B.A. and not for B.Sc.—

mathematics and geography
mathematics and psychology."

10. *Paragraph* E.2.—Insert the following new sub-paragraph (*c*) after sub-paragraph (*b*):—

"(*c*) Special Latin of this University or a similar course shall not be deemed sufficient to comply with the requirement of sub-paragraph (*b*)."

11. *Paragraph* F.1.—Delete the existing paragraph and substitute the following therefor:—

"F.1. The following degrees may be conferred in the faculty of Commerce and Public Administration:—

Bachelor of Commerce	B.Comm.
Bachelor of Administration	B.Admin.
Master of Commerce	M.Comm.
Master of Administration	M.Admin.
Doctor of Philosophy	D.Phil."

REGULATIONS FOR THE DEGREES OF BACHELOR OF COMMERCE AND BACHELOR OF ADMINISTRATION.

12. Delete the existing paragraphs F.2 to F.15 and substitute the following therefor:—

"F.2. The curriculum for the degrees B.Comm. and B.Admin. shall comprise not less than twelve qualifying Courses:—

First year: not more than five.
Second year: not more than five.
Third year: not more than four.

In addition, a student may also without contravening these regulations, repeat in both his second and third year one course in which he has failed.

F.3 (1) A student for the degree of Bachelor of Commerce shall select his subjects as follows:—

(*a*) *First year:*

(i) Commerce I,
(ii) Economics I,
(iii) Accounting I,

(iii) Voeg die syfer „8" in na die woorde „Spesiale Engels".

(iv) Voeg onderstaande voetnoot by aan die einde van die bladsy na voetnoot 7:—

„(8) Slegs een kwalifiserende kursus vir die graad, wat nie toelating tot die kursus Engels II verleen nie."

(v) Voeg onderstaande nuwe paragraaf B.8. (*bis*) in na paragraaf B.8:—

„B.8 (*bis*) Sosiologie II kan slegs as tweejarige byvak vir Sielkunde as hoofvak geneem word, en omgekeerd".

5. *Paragraaf* B.13 (*c*).—Skrap paragraaf B.13 (*c*) en hernommer B.13 (*b*) na B.13 (*c*).

6. *Paragraaf* B.16 (*bis*) (*f*).—Skrap die bestaande paragraaf en vervang dit deur die volgende;—

„*Hereksamen in Maart.*

'n Student wat in die Novembereksamen in een van die twee hoofvakke druip, kan in Maart van die daaropvolgende jaar tot 'n hereksamen in albei hierdie vakke toegelaat word mits—

(i) hy met geen byvakke agterstallig is nie;
(ii) hy in die Novembereksamen minstens 30 persent in die betrokke hoofvak en die voorgeskrewe gemiddelde persentasie in die jaar- en eksamensyfer behaal het."

7. *Paragraaf* B.20 (*bis*) (*d*).—Skrap die bestaande paragraaf en vervang dit deur die volgende:—

„'n Student wat in die Novembereksamen in Harmonie III of in die praktiese vak druip, kan in Maart van die daaropvolgende jaar tot 'n hereksamen in albei vakke toegelaat word mits hy—

(i) in die Novembereksamen 'n eksamensyfer van minstens 30 persent behaal het, en
(ii) 'n gesamentlike jaar- en eksamensyfer van minstens 40 persent behaal het".

8. *Paragraaf* C.6.—Skrap die bestaande paragraaf en vervang dit deur die volgende:—

„C.6. 'n Student moet aan die einde van die tweede of derde jaar van sy graadleergang die hoof van die departement oortuig van sy bedrewenheid in die gebruik van albei offisiële tale".

9. *Paragraaf* D.6.

(i) Voeg onderstaande paragraaf in onder regulasies vir grade in die Natuurwetenskappe, D.6., onder L.W. en na die woorde „voltooi is":—

„Fisika II kan slegs geneem word nadat Fisika IA voltooi en Wiskunde I bygewoon is".

(ii) Voeg onderstaande paragraaf by aan die einde van die L.W.:—

„Onderstaande kombinasies van hoofvakke kan alleenlik vir B.A. geneem word en nie vir B.Sc. nie:—

Wiskunde en Aardrykskunde,
Wiskunde en Sielkunde".

10. *Paragraaf* E.2.—Voeg onderstaande nuwe subparagraaf (*c*) in na subparagraaf (*b*):—

„(*c*) Spesiale Latyn van hierdie Universiteit of 'n dergelike kursus nie as voldoende vir die vereiste in subparagraaf (*b*) gestel, beskou word nie."

11. *Paragraaf* F.1.—Skrap die bestaande paragraaf en vervang dit deur die volgende:—

„F.1. Ondergenoemde grade kan in die Fakulteit van Handel en Publieke Administrasie toegeken word:—

Baccalaureus Commercii	B. Comm.
Baccalaureus Administrationis	B. Admin.
Magister Commercii	M. Comm.
Magister Administrationis	M. Admin.
Doctor Philosophiae	D. Phil."

REGULASIES VIR DIE GRADE BACCALAUREUS COMMERCII EN BACCALAUREUS ADMINISTRATIONIS.

12. Skrap die bestaande paragrawe F.2 tot F.15 en vervang hulle deur die volgende:—

„F.2. Die leergang vir die B.Comm.- en B.Admin.-graad bestaan uit minstens twaalf kwalifiseerde kursusse:—

Eerste Jaar: nie meer as vyf nie.
Tweede Jaar: nie meer as vyf nie.
Derde Jaar: nie meer as vier nie.

Daarby kan 'n student in sy tweede en derde jaar een kursus waarin hy gedruip het, herhaal sonder om hierdie regulasies te oortree.

F.3 (i) 'n Student vir die graad Baccalaureus Commercii kies sy vakke soos volg:—

(*a*) *Eerste Jaar:*

(i) Bedryfsekonomie I
(ii) Ekonomie I
(iii) Rekeningkunde I

(iv) Elementary theory of finance and statistics or mathematics I or Roman-Dutch law I.
(v) One of the following: chemistry I, geology I, special French or French I, special German or German I, special English or English I, Afrikaans-Nederlands I, philosophy I, economic geography, sociology I, Bantu languages I, mercantile law I, special Latin or Latin I.

(*b*) *Second year:*
(i) Commerce II
(ii) Economics II
(iii) Accounting II
(iv) One of the following: industrial psychology I, auditing I, mercantile law I, Roman-Dutch law II.

(*c*) *Third year:*
(i) and (ii) Two of the following: Commerce III, economics III, accounting III, Roman-Dutch law III.
(iii) One of the following: A further course from groups (i) and (ii), a special subject in economics, mercantile law II, auditing I, auditing II, industrial psychology II, Roman law I, or two of the following half courses: cost accounting, income tax, administration of estates.

F.3. (ii) The following shall count as major subjects for the degree B.Com:—

Economics, commerce, accounting, Roman-Dutch law. Two major subjects shall be taken for the degree, and the student shall be required to pass both simultaneously.

F.3. (iii) (*a*) A student who has completed Roman-Dutch law I and II shall be admitted to mercantile law II without first having completed the course in mercantile law I.

(*b*) A student shall not be allowed to proceed with cost accounting, income tax or administration of estates until he has passed accounting II.

(*c*) A student who intends to write the examination for the master's degree in accounting shall, in addition to accounting III, also take auditing II.

F.4. (i) A student for the degree of Bachelor of Administration shall select his subjects as follows:—

(*a*) *First year:*
(i) Public administration I,
(ii) Native administration I,
(iii) One of the following: economics I, commerce I, accounting I.
(iv) One of the following: commerce I, accounting I, Bantu languages I, social work I.
(v) One of the following: Roman-Dutch law I, sociology I, German I, French I or special French, English I or special English, Afrikaans-Nederlands I, accounting I, ethnology I.

(*b*) *Second year:*
(i) Public administration II or native administration II.
(ii) One of the following: Roman-Dutch law II, sociology II, economics II, commerce II, ethnology II, native administration II.
(iii) One of the following: constitutional law I, social work II, accounting II, industrial psychology I, Bantu languages II.
(iv) One of the following: Latin I, social statistics, Roman-Dutch law II, German II, French II, elementary theory of finance and statistics, native law I, or a subject from (v) of the first year.

(*c*) *Third year.*
(i) Public administration III or native administration III.
(ii) One of the following: sociology III, economics III, commerce III, accounting III, ethnology III, Bantu languages III, native administration III, Roman-Dutch law III.
(iii) One of the following: Roman-Dutch law I, Public international law, industrial psychology II, constitutional law I, mercantile law I, Roman law I, public administration II.

F.4. (ii) (*a*) A student for the B.Admin. degree shall be required to take three courses in—

(1) native administration, or
(2) public administration, or
(3) both.

(*b*) If (3) is not selected, three courses shall be taken in one of the following: Roman-Dutch law, sociology, economics, commerce, accounting, ethnology, Bantu languages.

(*c*) In addition to the major subjects, six other courses shall be taken.

F.4. (iii) The following shall count as major subjects for the degree of Bachelor of Administration: Public administration, native administration, economics, commerce, accounting, Roman-Dutch law, sociology, ethnology, Bantu languages.

Two major subjects shall be taken for the degree and the student shall be required to pass both simultaneously.

(iv) Elementêre Teorie van Finansies en Statistiek of Wiskunde I of Romeins-Hollandse Reg I.
